# HOOFSTUK 6

## DIE REGTE VERSTAAN EN VERTOLKING VAN DIE HEILIGE SKRIF IN DIE GODSDIENSONDERRIG

### 1 Inleidend

Uit die voorgaande hoofstukke behoort duidelik te blyk dat die godsdienstige opvoeding van kinders in die huidige tydsgewrig 'n baie ernstige saak is wat beson=dere eise aan die onderwyser stel. Dit behoort dui=delik te wees dat daar veral in ons tyd nie onverskil=lig gestaan kan word teenoor die vakkundige toerusting en metodologiese en didaktiese geskooldheid van die on=derwyser in die Godsdiensonderrig nie. Kennis van die eksegese en die hermeneutiek, al is dit van 'n bepaal=de elementere aard, was natuurlik altyd belangrik vir doeltreffende godsdiensonderrig, maar het nooit tevore so in die brandpunt gestaan soos vandag nie.

Ons geslag kan werklik slegs aangespreek word deur die Woord van God indien die eeue-oue Skrif ge=plaas word in die midde van die hedendaagse lewe. Ver=al in ons tyd speel eksegese en hermeneutiek 'n uiters belangrike rol in die interpretasie van die Skrif, want, soos die kamerling van Ethiópië kan ook die moder=ne mens nie begryp wat hy lees nie, tensy iemand hom

die weg wys. (Hand. 8:30-31).[1]

Die onderwyser moet dus daarmee rekening hou dat

* die Skrif deur die leerling verstaan moet word om heilsaam op sy gees te kan inwerk;

* die Skrif vertolk moet word - omdat dit ver= staan moet word, is vertolking noodsaaklik; dit is immers 'n grondstelling van die reformatoriese Chris= tenheid dat God by die verstaan van die Skrif mense in diens neem as vertolkers - God gee aan mense 'n sleu= telposisie as vertolkers van die Skrif;

* die werk van die Heilige Gees voltrek word in die vertolking van die Skrif; die werk van die Heili= ge Gees sluit die doen en late van die mense nie uit nie, maar in - om tot verstaan te bring, is werk van die Heilige Gees via en d.m.v. vertolkers en hulle ar= beid.[2]

Die vraag waarvoor ons in hierdie laaste gedeelte van dié studie staan, is: Is daar nou vir die praktyk van die godsdiensonderrig iets te leer by die eksisten= sialistiese en radikale teoloë? Of: Moet ons alles wat deur hulle gesê is maar subiet verwerp met die wete dat ons tog maar al die jare die antwoorde gehad het op die vrae waarvoor ons tans te staan gekom het? Die

1) Müller, J.J. Exegesis and kerugma. (In Biblical Essays. Proceedings of the ninth meeting of „Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in S.A." and Proceedings of the second meeting of „Die Nuwe Testamentiese Werk= gemeenskap van Suid-Afrika", 1966, p. 230).

2) Kuitert, H.M. Verstaat gij wat gij leest? pp. 12, 13.

godsdiensonderrigonderwyser sal die waarskuwing van K. Runia ter harte moet neem as hy die onvrugbaarheid van die loutere tradisionalisme as rooi lig voorhou. „Tra=ditionalisme is als een poel met stilstaand water. Na een poosje begint hij te ruiken, word vergiftigd en ten slotte zal hij het leven, dat er in aanwezig is, doden." 3)

Ons moet bereid wees om van die Bultmanniane, van 'n Tillich en 'n Robinson te leer al is dit slegs dat hulle ons dwing om die terme wat ons al te dikwels gedagte=loos hanteer, opnuut te deurdenk. Vir die probleme van die moderne wêreld sal ons moet oopstaan, in beson=der vir die angswekkende groot probleem dat die moderne mens, in sy vervreemding van die evangelie, dikwels nie meer in staat is om die terminologie van die evangelie te verstaan nie. Die moderne onderwyser word hierdeur eenvoudig verplig om die ou boodskap in nuwe terme te „vertaal". Die tradisie moet, aldus Runia, 'n lewende stroom wees - 'n rivier word voortdurend gevoed deur sy bron en tegelykertyd gaan dit vooruit totdat dit in die oseaan uitmond; en hierdie onuitputlike bron is die Woord van God - dít bevat die lewende water van die evangelie wat nooit verander nie en wat duidelik saam=gevat is in die ou belydenisskrifte.[4)]

In ons beoordeling en oorweging van die moontlike implementering van die positiewe elemente in die Bult=manniaanse en sekularistiese teologie (vgl. die vorige hoofstuk) moet ons nie te gou tot 'n dogmatiese ver=oordeling daarvan kom nie, soos die Dortmundse konfe=

3) Runia, K. Religie zonder God, p. 132.

4) Loc. cit.

rensie gedoen het, want hier word tog veel gesê wat in die praktyk van die godsdiensonderrig geïntegreer kan en moet word. Die hedendaagse revolte sal beant=woord moet word en die rekening wat ons aangebied word, sal teen alle koste betaal moet word.[5)]

By die voorbereiding van sy Bybelles sal die on=derwyser natuurlik telkens na die werke van die Gere=formeerde vaders teruggaan. Dit is goed - nee, nood=saaklik! Die onderwyser sal egter van gister ook weer na vandag moet terugkeer. Doen hy dit nie, ver=loor die moderne onderwyser nie net die adres nie, maar ook die lewenskrag van sy boodskap. Tereg skry=we Dr. J.A.Heyns: „Die uitdaging tot vernuwing mag nie afgewys word nie, want ook dít kan 'n teken van heimlike ongeloof wees, van verborge onsekerheid en vrees m.b.t. die ware inhoud van die eie."[6)]

By die Bybelles, soos by die Woordverkondiging, word altyd tweërlei aksie uitgevoer: Eerstens 'n ak=sie wat op die Skrif gerig is: Die Bybel moet verklaar word ooreenkomstig sy eie konteks en bedoeling in pri=mêre sin en vir die tyd waarin dit oorspronklik gegee is; maar, tweedens, hiervandaan moet die aksie ver=skuif na die teenwoordige tyd, want per slot van sake moet die evangelie gebring word aan mense hier en nou.[7)]

5) Vgl. Van Niftrik, G.C. Theologische revolte. (In Berkouwer, G.C. en Van der Woude, A.S. Revolte in de theologie, p. 30).

6) Heyns, J.A. Sterwende Christendom? p. 182.

7) Müller, J.J. Exegesis and kerugma (In Biblical essays, p. 230).

By die daarstelling van riglyne vir 'n sinvolle godsdiensonderrig in ons tyd, sal die volgende vrae kardinale oorweging moet geniet:

* Wat is die onderliggende, die reële, die blywende betekenis van die Heilige Skrif, sy aktuele boodskap vir alle tye, sy karakter as die stem van die lewende God, ook vir die teenwoordige tyd?

* Watter eise stel die moderne kind in sy gekompliseerde hedendaagse situasie aan die aard van die godsdiensonderrig?

* Wat eis die hedendaagse kind in sy situasie en die huidige teologiese posisie van die onderwyser?

* Watter eise stel die moderne kind in sy situasie vandag aan die metodiek en didaktiek van die godsdiensonderrig?

Ten einde dan riglyne te bied vir die toerusting van ons jeug teen die gevaarlike elemente in die eksistensieteologie maar terselfdertyd die positiewe elemente daarin sinvol te implementeer in die godsdiensonderrigmetodiek en -didaktiek, word in die volgende twee hoofstukke gespreek oor

* die verstaan en verklaring van die Bybel (hoofstuk 6);

* metodologiese en didaktiese wenke waarby leerling, situasie, metode en onderwyser betrek sal word (hoofstuk 7).

## 2 Vakstruktuur

By die daarstelling van didaktiese riglyne moet daar nie uit die oog verloor word nie dat dit onder andere die taak van die vakdidaktiek is om die struk= tuur van die besondere vak nader onder oë te sien. Wanneer die leerling insig in die struktuur van die vak gekry het, dan eers is hy in staat om werklik die sin van die leerstof te beleef. Met die vraag na die struktuur van 'n vak word 'n terrein betree wat ener= syds by die didaktiek hoort en andersyds ook wel deeg= lik die gebied van die vakwetenskap is.[8] Derhalwe sal eksegese en hermeneutiek, wat vakwetenskaplik van aard is, en vakdidaktiek in dit wat verderaan gebied word, noodwendig hand aan hand gaan ten einde die struktuur, en so die sin van die onderhawige vak bloot te lê.

Die aard van hierdie geskrif bepaal dat dit hier nie die bedoeling kan en mag wees om 'n volledige en deurdringende hermeneutiek aan die onderwyser te bied nie. Dat egter minstens 'n elementêre kennis van die grondreëls van Skrifverklaring vir die onderwyser in die Godsdiensonderrig van die grootste belang is, be= hoort uit die voorgaande behandeling van die teologie= se probleme van ons tyd duidelik te wees. Daarom sal hier net op enkele van die belangrikste sake gewys word, dié sake wat die nouste verweef is met die he= dendaagse problematiek van die Skrifverklaring.

8) Vgl. Waterink, J. Grondslagen der didactiek, pp. 59, 60.

## 3 Historiese begrip en eksistensiële aanvaarding

Tekskritiek ten einde die ware en egte teks vas te stel en inagneming van die besondere literêre vorm van die geskrif om so die bedoeling en betekenis van die woorde vir die oorspronklike lesers of aangespro= kenes te bepaal, vasstelling van die motiewe, oogmer= ke en situasie waaruit die betrokke Skrifgedeelte sy oorsprong het om so die besondere boodskap wat die ge= skrif vir die mense van daardie tyd, gesien die kul= tuurhistoriese agtergrond van twintig of meer eeue ge= lede, gedra het te ontdek, is alles baie belangrike voorarbeid wat deur die onderwyser verrig moet word. Daarom is die studie van die algemene en besondere kanoniek van die grootste belang vir die onderwyser in godsdiensonderrig.

Die Bybel moet egter nie net histories begryp word nie, maar ook eksistensieel aanvaar word. Daar moet vasgestel word wat die blywende betekenis van die Skrifwoord vir alle tye is; die vrae wat hier na vo= re kom, is: Wat was die bedoeling van die HERE met sy histories-geankerde evangelie vir sy kerk en die mens van alle tye? Watter geestelike outoriteit het die geskrifte wat in die eerste instansie bedoel was vir die Hebreeuse en Griek-Romeinse wêreld van eeue gele= de en wat in daardie dae goed begryp is, vir die mense van ons eie tyd? Is daar 'n blywende kern sowel as 'n tydgebonde „verpakking" in die boodskap van God aan die mensdom?[9] Dit gaan dus om die „tydbetrokkenheid"

9) Müller, J.J. Exegesis and kerugma (In Biblical essays, p. 232).

en om die „universele gesag" van die Skrif.[10)]

Die onderwyser moet steeds daarmee rekening hou dat die Heilige Skrif in beide taal en uitdrukking die produkte is van hulle tyd en histories geanker is in konkrete situasies van eeue gelede. Die vraag ont= staan dan: Hoe kan daardie Bybelse gegewens hulle his= toriese karakter behou en tog diensbaar wees aan die geestelike boodskap vir alle tye? M.b.t. die tydge= bonde dimensie wat ons in die Bybel vind, sal die on= derwyser deeglik oorweging moet skenk aan die kosmiese wêreldbeskouing, die aardrykskundige beeld van die aarde of bewoonde wêreld wat destyds gehuldig is. Hy sal hom ook op hoogte moet stel van „teologiese" aan= duidings, historiese beskrywings, tydsaanduidinge, ens. wat in baie opsigte baie ernstig verskil het van dié van die teenswoordige tyd. Baie van die gebruike van daardie dae het bv. in onbruik geraak of 'n verande= ring van een of ander aard ondergaan terwyl ander weer feitlik onveranderd gehandhaaf is. 'n Essensiële on= derskeid moet getref word tussen historiese en norma= tiewe gesag, en om daarin te slaag moet alles onder= werp word aan die heilsaspek van die Skrifgesag; per slot van rekening is die Bybel die prediking van heil en daarin is dit beklee met 'n gesag wat geldig is vir alle tye - in alle omstandighede bly dit onveranderlik en normatief.[11)]

4 Die diepe sin van die Skrif

10) du Toit, S. Teologie in 'n tyd van sekularisme. In die Skriflig, (4): p. 19, Aug. - Sept. 1967.

11) Müller, J.J. Ibid., p. 232.

Dit bring ons by die vraag na die „diepe beteke=nis" of „blywende hoofwaarde" van die Heilige Skrif wat dit onderskei van alle ander geskrifte wat ontstaan het. Die gebruik van die term „dieperliggende" of „mistiese" betekenis impliseer hier nie die erkenning van die goeie reg van 'n allegoriese betekenis en sin, of selfs van 'n meervoudige interpretasie van 'n Skrif=gedeelte, in teenstelling met die eerste, letterlike, klaarblyklike en historiese betekenis nie. Bedoel word dat die uitleg van die Skrif te doen het met die lewende Woorde van God wat 'n hoër geestelike waarde besit, daarin geleë dat dit betekenis en waarde het vir alle tye, wat aktueel bly as Woorde van God, en ons daarom verplig om met sekerheid vas te stel wat God be=doel om deur sy eens gegewe en histories-gebonde Skrif=woord <u>hier</u> en <u>nou</u> te sê. Dit kom daarop neer dat die ewigdurende Woord van die Auctor Primarius moet klink in die woorde van die auctores secundarii.[12] Die stem van God moet m.a.w. vir die kind spreek in sy kon=krete situasie, in sy node en behoeftes hier en nou.

In sy ondersoek en interpretasie van hierdie „die=pe sin" moet die onderwyser rekening hou met die werk=likheid van die lewende God van alle tye. In die eer=ste instansie moet die onderwyser die Skrif op homself toepas as die openbaring van God wat ook vir hom bedoel is en wat waarhede proklameer wat na homself verwys. Self buig hy daarvoor, het hy 'n begeerte daarna om dié Woord te hoor, sy lewe daarvolgens in te rig en dit vir die kinders van sy tyd te interpreteer in aktuele

12) Ibid., p. 233.

en eksistensiële sin. Die onderwyser moet die Skrif dus benader as die lewende openbaring van God, as die Woord van God, met die vraag: Openbaar dit enigiets aan my? Wat is die betekenis daarvan híér en nóú? Hoe spreek God daardeur tot my?[13)] Die onderwyser sal nie rus voordat hy die betekenis van die betrokke Skrif=woord vir hierdie kind vasgestel het nie. Die beteke=nis kan slegs vasgestel word as elke Skrifgedeelte <u>Christosentries</u> geïnterpreteer word.[14)] Daar moet ge=vra word na die Christusgetuienis, want Christus is gister, vandag en vir ewig dieselfde en die Skrif ge=tuig van Hom wat sy heilsboodskap rig aan mense van al=le tye.[15)] In die Christusgetuienis van die Skrif is die blywende boodskap vir alle tye te vind, die diepe sin, die ewiggeldende betekenis.[16)]

## 5 Verklaringsmetodes

Daar word verskillende antwoorde op die vraag na die diepe sin van die Skrif gegee. In ons tyd word die eksistensialistiese verklaring na vore gebring. Omdat daar in kerk en skool steeds trekke van verskeie ander onaanvaarbare metodes van Skrifverklaring voor=kom, word hulle hier kortliks genoem. Bowendien be=staan die gevaar dat die onderwyser, indien die eksis=tensialistiese verklaringsmetode van die hand gewys

13) Loc. cit.

14) Vgl. Greydanus, S. Schriftbeginselen ter Schrift=verklaring, pp. 121 - 123.

15) Joh. 5:39; Luk. 24:27; 1 Petr. 1:10,11.

16) Müller, J.J., op. cit. pp. 233, 234.

word, in die slaggat van 'n ander onaanvaarbare metode beland.

## 5.1 Die allegoriese verklaringsmetode

In die eerste eeue van die geskiedenis van die Christelike kerk was die allegoriese verklaring van die Skrif ongetwyfeld die mees algemene, veral in die Alexandrynse skool. Vanaf die 5e eeu n.C. is voor=keur gegee aan die viervoudige sinsbepaling van die Skrif: die letterlike (historiese), allegoriese, etiese en anagogiese. Die letterlike sê wat gebeur het, die allegoriese wat geglo moet word, die etiese wat gedoen moet word, die anagogiese waarheen jy moet neig. Die soeke na verborge betekenisse het sodanig gedegenereer dat soms selfs van 'n sewevoudige beteke=nis gespreek is.[17)]

Teen die allegoriese verklaring van die Skrif moet die onderwyser gewaarsku wees: hoewel die Bybel soms self 'n allegoriese interpretasie gee (bv. Gal. 4:22: Sara en Hagar; 1 Kor. 10:4: die rots in die woestyn; e.a.) gee dit die onderwyser nog geen reg om sonder onderskeiding na diepe betekenisse te soek of dit te probeer ontdek nie. Dit gebeur selfs byvoor=beeld dikwels in ons tyd dat daar te hooi en te gras allegories verklaar word; sonder om te blik of te bloos word bv. 'n diepe geestelike betekenis geheg aan die vyf klippies waarmee Dawid Goliat tegemoetgegaan het, of die sewe haarlokke van Simson.[18)]

17) Müller, J.J. Exegesis and kerugma. (In Biblical Essays, p. 234).

18) Kotzé, G.J. Hedendaagse Skrifprediking, p. 184.

Die Skrif moet deur die onderwyser verstaan en opgevat word en aan die leerlinge vertolk word soos wat dit homself aanbied. Historiese gegewens mag nie sonder meer herlei word tot geestelike begrippe nie; hulle behoort in hulle historiese verband geïn=terpreteer te word en dan moet die blywende betekenis wat vir alle tye bedoel is, geabstraheer word.[19] Ag=ter die letterlike betekenis van die Skrif is daar al=tyd die steeds geldende openbaring wat vir alle tye ge=gee is en wat in die Bybelles na vore gebring behoort te word, die aktualiteit waarvan in die toepassing dui=delik moet spreek.[20]

5.2 Die pneumatiese verklaringsmetode

As reaksie teen die rasionalistiese verklaring van die Skrif het die geestelike of pneumatiese ver=klaringswyse in sekere kringe posgevat (piëtistiese en sektariese). Hiervolgens is persoonlike vroomheid en „vervuldheid met die Heilige Gees" die onfeilbare sleutel tot begrip van die Skrif, asof die leser tel=kens onmiddelik deur die Heilige Gees, sonder verdere Skrifondersoek, in staat is om te weet wat God in sy Woord sê en hoe dit geïnterpreteer behoort te word en wat die aktuele betekenis van die betrokke Skrifge=deelte is. Hierteenoor moet gestel word dat daar geen Gees of Pneuma tot die beskikking van die leser staan

19) Müller, J.J. Exegesis and kerugma (In Biblical essays, p. 235.)

20) Vgl. Müller, J.J., loc. cit., Greydanus, S., op. cit., pp. 163 e.v.; Berkhof, L., Principles of bibli=cal interpretation, pp. 19 e.v.

los van die Woord nie. Waar Woord en Pneuma geskei word, verval die verklaarde altyd in die uiterste sub=jektivisme en willekeur.[21]

5.3 Die supra-historiese (Kähler, Dibelius, Girgen=sohn) en die heilshistoriese (Hoffmann en die skool van Erlangen) verklaringsmetodes

Hierdie metodes is meer resent. Eg. meen dat, behalwe die historiese gegewens (wat voorwerp van By=belkritiek is) daar ook 'n „übergeschichtliche" moment is wat die aktuele boodskap van die Skrif vir alle tye bevat en waarop die ware geloof gebaseer is. Hierdie bo-historiese moment is essensieel, altyd teenwoordig in die Skrif en word ons in Christus aangebied. Van die waarheid hiervan kan ons altyd oortuig wees, selfs al is die historiese gegewens van die Skrif soms, as resultaat van Bybelkritiek, te betwyfel.[22]

Die supra-historiese metode is vir ons onaanvaar=baar aangesien ons van Christus net kan weet uit die Skrif en as lg. onbetroubaar is, kan ons van Christus se Persoon en werk ook geen sekerheid hê nie. Wat histories twyfelagtig is, kan nie vir die geloof waar wees nie.[23]

Volgens die heilshistoriese metode is die Skrif openbaringsgeskiedenis waarvan Christus die sentrale

21) Müller, J.J. Exegesis and kerugma (In Biblical Essays, p. 235).

22) Ibid., p. 235.

23) Ibid., p. 236.

Figuur is. In die geskiedenis van die mensdom word ook 'n Goddelike geskiedenis voltrek. Lg. word dan in die Skrif beskrywe. Die taak van die verklaarder is om hierdie gebeurtenisse te interpreteer. Hierin lê dan die blywende waarde en diepe betekenis van die Skrif en dit hang ten nouste saam met Christus. Mül=ler meen dat hierdie metode skuldig staan aan dieself=de onhoudbare dualisme as die supra-historiese.[24)] H. Berkhof is van mening dat die volheid van die heil onder die hoed van geen enkele teologiese metode ge=vang kan word nie. Die verklaarder (dus: prediker en onderwyser) sal, volgens hom, altyd eklekties te werk moet gaan; die heilshistoriese metode benodig dan die Christosentriese van Barth en die eksisten=siale van Bultmann as korreksies en komponente.[25)]

Daar is 'n toenemende neiging onder teoloë om heilshistories te dink, bv. in 'n nuwe skool, verteen=woordig deur Moltmann en Sauter, wat onder die invloed van die „utopiese" denke van die gewese Marxis Ernst Bloch 'n nuwe tipe heilshistoriese teologie ontwerp wat die geskiedenis deur die toekoms laat opsuig. Dit toon ons duidelik hoe juis die modernste lewensgevoel hom van die eksistensialisme afwend om hom met nuwe vreugde in die stroom van die geskiedenis te werp op weg na die jaar 2,000. Berkhof kies die heilshisto=riese metode omdat dit, volgens hom, 'n optimale kom=binasie van Bybelse grondlyne en moderne lewensbesef bied.[26)] Een ding is seker: 'n teologie wat vir hier=

24) Loc. cit.

25) Berkhof, H. De heilshistorische theologie. (In Berk=ouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., Revolte in de theo=logie, p. 99).

26) Loc. cit.

die geslag verstaanbaar is, sal hom op een of ander wyse van heilshistoriese en eskatologiese taal moet bedien. Die heils-historiese teologie staan juis tans op die drumpel van 'n nuwe toekoms en die gods=diensonderrigonderwyser wat dit ernstig bedoel met sy vak sal hom op hoogte moet hou met verwikkelinge op hierdie front.

## 5.4 Die meganisties-Biblisistiese Skrifverklaring

Hiervolgens gee die Skrif eksakte informasie oor alle moontlike sake, insluitende aardrykskunde, ge=skiedenis, ens. Die ouderdom van die aarde en die presiese tyd van die skepping van Adam kan via die geslagsregisters bepaal word.[27)]

Met Biblisisme word ook bedoel die rigting wat in die verklaring van die Skrif weinig aandag skenk aan die dogmatiese besinning oor die inhoud van die Bybel. Dit wil die dogma totaal passeer, en hierin is dit 'n begryplike reaksie teen die ortodokse Prote=stantse dogmatiek wat die Bybel vanuit die dogmatiese sisteem wou verklaar.

Die Biblisistiese Skrifverklaringsmetode is 'n Skrifgebruik wat die Bybelteks reëlreg oorbring na die eie tyd, sonder om met die verkondigingskarakter van die Bybelse geskrifte in hulle eie tyd en situasie re=kening te hou. Dit kom dan neer op 'n ongevarieerde en onkritiese toepassing van 'n onmiddellike Bybelge=bruik. Dit is wel waar dat die Christen hom steeds

27) du Toit, S., Bybel, skepping, evolusie, p. 31.

beroep op die „daar staan geskrywe", maar as daar nie ook na die „hoe", „waar" en „waarom" gevra word nie, staan dit die regte verklaring in die weg.[28)]

Die onderwyser wat aan hierdie metode vashou, is besig om die kind voor te berei om eendag ondersteuner van die eksistensie- en radikale teologie te wees, of selfs die saad te saai wat daartoe sal lei dat die kind die weg na die woestyn van ongeloof kies.

## 5.5 Die fundamentalistiese Skrifverklaringsmetode

Die fundamentaliste lê baie sterk nadruk op die onfeilbaarheid van die Bybel. Dit is 'n reaksie teen die liberalisme, maar in besonder die evolusionisme. Ons het hier te doen met 'n rasionalisties-wettiese verskraling van die resultate van die ortodokse tra=disie in die dogmatiese besinning, gekombineer met 'n ouderwetse biblissitiese manier van omgaan met Bybel=tekste. Daarby word met 'n aantal dogmas as aksiomas geopereer met verwaarlosing van die menslike karakter van die Skrif. Met Skrifuitsprake word omgegaan asof dit, behalwe openbaring, ook eksakte wetenskaplike ken=nis bied.[29)]

Indien die onderwyser die Skrif fundamentalisties aan die leerlinge voorhou, berokken hy 'n ontsaglike skade aan die kindergemoed. Die kind beland in die delemma van 'n dualisme tussen wetenskap en geloof. So 'n onderwyser verwag van die kind 'n „sacrificium

28) Ibid., pp. 47, 48.

29) Ibid., pp. 40-46.

intellectus" in sy geloofslewe. In die kleinkinder- en kinderjare sal hy nog bereid wees om dié dinge te aanvaar sonder om na te dink, maar sodra die kind be= gin om die kinderskoene te ontgroei, sal sy bedenkinge dreig om hom op die weg van die ongeloof te laat afgly.

## 5.6 Die dualistiese Skrifverklaring

Hoewel sommige van die verklaringswyses wat hier= bo bespreek is allerlei dualistiese trekke bevat, is dit tog nodig om die dualisme afsonderlik te bespreek. Hier word 'n skeiding gemaak tussen die Goddelike en menslike faktor. Sommige dualiste meen dat sekere Bybelboeke geïnspireer is en ander nie. Ander onder= skei grade van inspirasie, ander maak inhoud en vorm van mekaar los, terwyl sommige weer die Bybel reduseer tot 'n religieus-etiese boodskap waarom dit eintlik sou gaan.[30)]

Hierdie onderskeidinge stel die menslike diskre= sie as regter oor die Woord van God aan en is daarom vir ons onaanvaarbaar.[31)]

## 5.7 Eksemplaristiese Skrifverklaring

Prof. B. Holwerda het reeds in die begin van die veertiger jare van hierdie eeu die term „exemplarische" gebruik as 'n benaming vir 'n verkeerde metode om die

30) Ibid., p. 48.

31) Oosterhoff, B.J., Schriftkritiek en Schriftgezag in de 19e en 20e eeuw (O.T.). (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. De Bijbel in het gedring, p. 49).

geskiedkundige stof van die Skrif te verklaar „omdat ze de bijbelsche geschiedenis oplost in allerlei zelf= standige geschiedenissen, die voorbeelden (exempelen) zijn voor ons."[32] Eksemplariese prediking is dit dus wanneer die verklaarder die Skrif benader, nie vanuit die heilshistoriese verband van die Skrif nie, maar wanneer hy 'n fragment van die geskiedenis versier as 'n voorbeeld vir ons. Daar word dan eenvoudig 'n ge= lykheidsteken geplaas tussen een of ander historiese figuur uit die Skrif en ons, of tussen 'n historiese gebeurtenis in die Bybel en gebeurtenisse nou en hier. Die geskiedkundige stof in die Bybel het wel, soos la= ter aangetoon sal word, 'n besondere karakter, maar dit kan tog nooit veroorloof wees om van 'n historiese feit 'n gelykenis te maak nie. Voorbeelde van sulke eksem= plariese verklaring is, byvoorbeeld:

* As die klem in 'n les oor Abraham se offer op Moria val op sy gehoorsaamheid as voorbeeld vir ons i.p.v. op die verbond van God met Abraham, die plek van Izak daarin, die plaasbekledende strewe van die ram as tipe van Christus, en wat dit alles met die geloof van die kind hier en nou te make het;

* As die onderwyser van die storm op see spring na die „storms" op ons lewensee, van die twyfel van Thomas na ons twyfel, ens.

Die gevaar van eksemplariese (verkieslik: „ek= semplaristiese") verklaring is dat die mens i.p.v.

32) Holwerda, B., Begonnen hebben van Mozes, p. 82 - aangehaal deur d'Assenville, V.E., „Eksemplariese pre= diking..." Die Kerkblad, 64(1611): p.13, 16 Aug. 1961.

Christus in die middelpunt te staan kom, en dan ont= aard die Bybelles lig tot pure moralisme of sedepre= kery.[34)]

Dat daar in die Bybel self voorbeelde van „eksem= plariese" vertolking of toepassing voorkom, kan natuur= lik nie ontken word nie (bv. Jak, 5:12 waar Jakobus die lydsaamheid van Job as voorbeeld stel). Daarom sal die Bybelles oor historiese stof wel 'n „eksempla= riese element" bevat, maar wanneer die manier van les= gee 'n verabsolutering van die voorbeeld word, buite heilshistoriese verband en buite Christus om, moet daarteen gewaarsku word. Dan word dit 'n „-isme" en daarom moet hierdie verkeerde Skrifverklaring liewer as „eksemplaristies" bestempel word.[35)]

### 5.8 Die eksistensialistiese verklaringsmetode

Hierdie metode is reeds in vorige hoofstukke uit= voerig bespreek. Volledigheidshalwe word dié metode hier weer net samevattend, kursories behandel. Bult= mann se ontmitologiseringsprogram is 'n hermeneutiese poging om die Bybel vir die moderne wetenskaplike mens meer aanvaarbaar te maak deur die blywende kerugma los te maak van sy „mitiese" aanbieding: Die Bybelse bood= skap moet dan van sy „mitiese" vorm gestroop word en dan só geïnterpreteer word dat dit reëel en aktueel

34) Vgl. Van Niftrik, G.C. Het geloof der kinderjaren in de branding van het latere leven.

35) Vgl. artikels van d'Assenville, V.E., Maritz, W.J., Visser, J., Snyman, Ph. en Van der Waal, C. in die vol= gende uitgawes van <u>Die Kerkblad</u>: 16 Augustus 1961; 13 September 1961 en 4 Oktober 1961.

vir die moderne mens word.[36)]

Hierdie metode stel nie net die historisiteit en betroubaarheid van die Bybel in die gevaar nie, maar ontken dit selfs op kardinale punte. Dit kan lei tot totale vernietiging van die kerklike belydenis of tot 'n ontkerugmatisering" d.w.s. nullifiëring van die boodskap van die Skrif. Die vorm waarin die Skrif gegee is, is onlosmaaklik gebonde aan die inhoud van die openbaring. Die kerugmatiese en historiese is innig verweef. Skeiding van die twee kan die Chris=telike boodskap vernietig. Die diepe betekenis en blywende waarde van die Skrif word nie gevind deur eliminering van die historiese openbaringsfeite waar=aan die menslike rede aanstoot neem nie. In hulle po=gings om die Bybel vir die moderne wetenskaplike mens te herinterpreteer, bring die volgelinge van Bultmann (soos Tillich, Bonhoeffer, Robinson) en die radikalis=te (soos Altizer, Hamilton, e.a.) selfs die Bybelse openbaring aangaande God in gevaar. Hulle beroof die Bybelse boodskap van sy bonatuurlike karakter en in=houd.[37)] Inderdaad lei hulle pogings om die dinge <u>anders</u> te sê daartoe dat hulle <u>iets</u> <u>anders</u> sê!

*　*　*　*　*

Die moderne Godsdiensonderrigonderwyser kan met

36) Müller, J.J. Exegesis and Kerugma. (<u>In</u> Biblical essays, p. 236.)

37) Ibid., p. 237.

repudiëring van bogenoemde (en ander) verklaringsmeto=des egter nie volstaan nie. Feit bly dat die teolo=giese wetenskap sowel as die besondere behoeftes van die moderne kind aan die godsdiensonderrig sekere uit=dagings stel wat moedig aangepak moet word. Die diepe sin, die blywende betekenis, die aktuele kerugma van die Skrif moet blootgelê word om die Bybelles betekenis vir die kind van ons tyd te gee.

Die moderne kind moet die Woord van God hoor wan=neer daar met die Bybel omgegaan word. Indien die diepe sin van die Skrif hom nie op besondere wyse in sy konkrete situasie aanspreek nie, sal hy die Skrif op dieselfde vlak plaas as ander eerbiedwaardige ge=skrifte. Hierdie diepe sin onderskei tog die Bybel van alle ander boeke, en hieraan het alle mense van alle tye, in besonder die kind van ons tyd, behoefte.

## 6 Die aard van die Skrifgesag

Voordat riglyne vir 'n aktuele en suiwere verkla=ring van die Skrif gebied word, is dit nodig om enke=le hooftrekke van die aard van die Skrifgesag neer te pen, aangesien verklaring van die Bybel in die hoogste mate afhanklik is van die Skrifbeskouing van die ver=klaarder. En „hermeneutiek in de brede zin van het Woord hangt af van de vraag naar het gezag"[38) ] en dit is „heden ten dage geen simpele zaak het Schriftgezag

38) Bakker, J.T., Het gezag van de Schrift. (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., De Bijbel in het geding, p. 145).

te aanvaarden"[39] Hoe belangrik die regte begrip van die Skrifgesag is, blyk ook uit die volgende woorde van Prof. S. du Toit: „Die feit dat gedurende die afgelo= per eeu soveel wetenskaplikes radikaal van die Bybel afskeid geneem het, moet grotendeels daaraan gewyt word dat die aard van die Skrifgesag nie reg verstaan is nie."[40]

Vir die onderwyser, wat feitlik daagliks met die Bybel in die hand voor die kind staan, is 'n suiwere Skrifbeskouing 'n grondliggende voorwaarde vir suiwere uitleg van die Woord van God. Die teologiese stand= punt van die onderwyser is van deurslaggewende belang vir die Godsdiensonderrig. Die vorm en inhoud van die les hang af van sy Skrifbeskouing. Daar bestaan 'n direkte verband tussen die resulterende les en die visie van die onderwyser.

Hier word geen volledige beskouing oor die Bybel gebied nie dog slegs enkele hooftrekke wat vir die onderwyser as uitgangspunte vir 'n suiwere verlaring kan dien.

6.1 Die Bybel is Goddelik geïnspireer en is as so= danig die Woord van God.

Die Bybelskrywers het die Heilige Skrif nie op eie inisiatief tot stand gebring nie, maar is deur die

39) Hulst, A.R., Schriftgezag en geschiedenis. (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., De Bijbel in het geding, p. 99).

40) Du Toit, S. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, p. 13.

Goddelike inisiatief gedryf en deur die onweerstaanbare krag van die Heilige Gees gelei sodat hulle geskrifte Goddelike waarheid besit en daarom die onfeilbare en genoegsame reël van geloof en lewe is. As gesê word dat die Heilige Gees die Bybelskrywers by die skrywe van die Bybel gelei het, moet „skrywe" in komprehensiewe sin verstaan wrod: Dit sluit in: navorsing van dokumente, versameling van feite, rangskikking van materiaal, woordkeuse, ja alle prosesse wat met die samestelling van 'n boek saamhang. Daarom is die Bybel die boek waardeur God aan die mens sy wil, werk en doel bekend maak.[41] Hoewel hiermee die woordelikse inspirasie onderskrywe word, sou dit tog, a.g.v. die feit dat voorstanders van die meganiese inspirasieteorie hierdie leer op ekstremistiese wyse misbruik het, beter wees om te spreek van „volledige inspirasie" (Runia: „plenêre")[42]

## 6.2 Die relasie tussen die Goddelike en die menslike in die Heilige Skrif

Die vraag ontstaan of die Goddelike inspirasie van die Bybel 'n Goddelike diktaat maak waarby die persoonlikheid, geheue, verbeelding, begrip, oordeel, behoeftes en wil van die skrywer op non-aktiwiteit geplaas is. Hierop moet die antwoord wees:

41) Berkhof, L., Principles of Biblical interpretation, pp. 40-47; Greydanus, S., Schriftbeginselen ter Schriftverklaring, pp. 44, 45.

42) Vgl. Ridderbos, H.N., When the time had fully come, p. 93; Du Toit, S. Bybel, skepping, evolusie, p. 73.

* Die skrywers was nie masjiene of selfs nota= risse nie. Die Heilige Gees het nie hulle vryheid ingekort en hulle individualiteit vernietig nie.

* Die Heilige Gees het die skrywers in diens geneem soos hulle is, en soos Hy hulle voorberei het vir hulle taak, met hulle persoonlike eienaardighede, hulle karakter, temperament, talente, opvoeding, ag= tergrond, behoeftes, smake, sonder om hulle persoon= likheid te onderdruk. God het sy Heilige Skrif nie as 'n afgewerkte en volledige boek uit die hemel laat val nie.[43] Tog is daar 'n belangrike beperking: Die Heilige Gees het hulle sondige aard nie toegelaat om in die te boekstelling tot uitdrukking te kom nie.

* In baie gevalle het die skrywers vooraf die stof waaroor hulle wou skrywe gaan navors: Lukas sê dit in die inleiding tot sy Evangelie en die outeurs van Konings en Kronieke verwys herhaaldelik na hulle bronne.[44]

* Die skrywers gee dikwels uitdrukking aan hul= le eie ervarings, soos Moses in die aanvangs- en slot= hoofstukke van Deuteronomium en Lukas in die laaste helfte van Handelinge. Die Psalmiste het van hulle eie persoonlike sonde, vergifnis, gevare en verlossing gesing.

* Baie van die Bybelboeke het 'n okkasionele karakter. Die samestelling daarvan was die gevolg

43) Vgl. Greydanus, S., op. cit., p. 45.

44) Vgl. Berkhof, L., op. cit., p. 47; Du Toit, S., Bybel, skepping, evolusie, p. 71.

van eksterne omstandighede en die aard daarvan is be= paal deur die morele toestand en godsdienstige staat van die oorspronklike lesers, bv. baie van die Ou Tes= tamentiese profesieë en Nuwe Testamentiese briewe.[45] Maar tog het dit ook betekenis vir ons.

* Die onderskeie boeke word gekenmerk deur 'n treffende verskil in styl. Naas die verhewe poësie van die Psalms en die profete is daar die gewone prosa van die historiese boeke. Naas die suiwer Hebreeus van Jesaja is daar die ge-Aramiseerde taal van Daniël, die dialektiese styl van Paulus sowel as die eenvoudi= ge segswyse van Johannes.[46]

* By die vraag waarom dit of dat in die Bybel opgeteken is, is tradisioneel 'n beroep gedoen op die „providentia specialissima". Maar sonder om die God= delike sorg te verswyg, ontken, of te verwaarloos, moet ons ook wys op die menslike element waarby die oergemeente in sy versamel- en konserveerarbeid gerig is deur die behoeftes van die aktuele situasie.[47]

* Ons moet, wat die N.T. betref, onthou dat die evangeliste geen geniale fantaste is nie, ook nie slegs redakteurs van 'n deur die gemeente ontwerpte teologie nie, maar boodskappers van die historiese Je= sis wat die gemeente tot lewe roep. Ons het hier eg= ter nie met gewone geskiedenis te doen nie, maar met

45) Berkhof, R., op. cit., p. 48.

46) Loc. cit.

47) Van de Heuvel, A., Lesgeven over het Nieuwe Tes= tament. Opdracht, 16(1): pp. 22, Sept. 1968.

teologies-geïnterpreteerde geskiedenis, kwalitatief af=
gestem op die lewensonstandighede van die eerste Chris=
tene.[48)]

* Die Bybel is geskrywe in 'n taal wat uit 'n bepaalde kultuurkring spruit wat nie meer bestaan nie en in 'n bepaalde tyd gespreek is wat verbygegaan het. Dit hou o.a. in dat dit vol beelde is, voorstellinge en verhale wat ingebed is in 'n bepaalde tyd wat anders was as dié waarin ons lewe. Moses, Dawid, Paulus e.a. het gespreek as kinders van hulle tyd en het hulle bedien van die kennis uit hulle eie tyd. Wie die Bybelse gestaltes uit hulle eie tyd en horison uitlig, tas die werklike Bybel aan soos ons dit ontvang het.[49)]

Die Bybel het dus 'n Goddelike sowel as menslike aspek.[49)] Dit is nie dieselfde as wanneer gesê word dat dit benewens 'n Goddelike ook nog 'n menslike <u>element</u> het nie. Dít sou beteken dat ons sekere dele aan God toeskrywe en ander aan die mens. Die Bybel is in al sy dele, beide in inhoud en vorm, 'n Goddelike boek. Terselfdertyd is dit van begin tot einde 'n menslike boek met al die tekens van menslike outeurskap. Dit is en bly 'n onverklaarbare misterie wat in die geloof aanvaar moet word.[50)] „'n Verwaarlosing van die menslike karakter van die Skrif dreig op allerlei punte die regte verstaan van die normatiewe

48) Loc. cit.

49) Vgl. hieroor verder Berkouwer, G.C., Het Schriftgezag. (<u>In</u> Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., De Bijbel in het geding, pp. 7-14.)

50) Vgl. Berkhof, L., op. cit., pp. 48, 49.

Skrif toe te sluit."[51]

### 6.3 Die Skrif het 'n deur-en-deur religieus-etiese bestemming

Die Bybel bedoel nie om 'n handboek vir die we= tenskappe te wees nie - dit wil saligmakende kennis van God bied.[52]

### 6.4 Historiese en normatiewe gesag

Die onderwyser moet duidelik kan onderskei tussen normatiewe en historiese gesag van die Skrif. Die seremonies van die Ou Testament, byvoorbeeld het vir ons geen normatiewe gesag nie omdat dit in Christus in vervulling gegaan het. Historiese gesag dra dit wel omdat dit die werk en Persoon van Christus duidelik, adekwaat en gesaghebbend afbeeld. So sal ook baie van die burgerlike wette van die Ou Testament vir ons in die vorm waarin dit daar staan nie normaties wees nie, terwyl die gees daarvan tog vir ons geldend bly. 'n Voorbeeld van lg. is die volgende: In Deut. 22:8 lees ons: „As jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n leuning aan jou dak maak, sodat jy geen bloedskuld op jou huis bring as iemand daar afval nie." Hierdie uitspraak is beslis nie bindend vir die boukontrakteur van ons tyd by die konstruksie van 'n dak nie, maar sal bv. wel bindend wees vir die elektrisiën wat, in die gees van

51) Du Toit, S., Bybel, skepping, evolusie, p. 42.

52) Id. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, p. 14.

hierdie wet, behoort toe te sien dat elektriese krag=drade behoorlik geïsoleer is.

7 Konsekwensies van hierdie Skrifbeskouing wat die onderwyser in gedagte moet hou.

Bogenoemde beskouings oor die gesag van die Heilige Skrif het konsekwensies vir die Bybelles wat die onderwyser nie durf ignoreer nie. Prof. du Toit trek die volgende konklusies (hier baie kursories gestel):[53)]

* Die openbaring van God stel die Bybelskrywers nie in staat om die wetenskaplike ontwikkeling van hulle tyd verby te steek nie. Hulle gebruik die letterkundige stylsoorte van hulle tyd. Die Skrif kom tot ons in dienskneggestalte, maar bly 'n betroubare Woord wat 'n lamp vir die voet en 'n lig op die pad is. Die Bybel spreek nie die taal van die wetenskap nie, maar dié van die daaglikse ervaring. (Dus: Die skeppingsverhale wil nie beskrywing van die natuur en sy ontstaan bied nie dog dit maak 'n onderdeel van die heilsgeskiedenis uit. Die skeppingsverhaal gee geen leer, wetenskaplik of filosofies, oor die natuur nie. Die bedoeling is nie dat ons God as Skepper uit die natuur moet ontdek nie, maar dat ons omgekeerd, die skepping vanuit God moet begryp. Die skeppingsverhaal is geen beskrywing, maar 'n beoordeling, geen wetenskaplike foto of landkaart nie, maar

53) Du Toit, S., Bybel, skepping, evolusie, pp. 74-77 en: Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, pp. 34-35.

„een norm, zoals men uit een trillende stemvork de zuiwerheid van vele feitelike klanken kan beoordelen."[54] „En God het gesien dat dit goed was". so lui die refrein van die skeppingsdae. Die skeppingsverhaal leer ons o.a. dat 'n evolusionistiese wêreldbeskouing, wat al die gebeure as toevalsprosesse wil beskrywe en wat die geskiedenis met sy menslike leed en menslike skuld herlei tot 'n natuurlike proses, afgewys moet word. So wil die skepping op die vierde dag nie beskrywe waar die hemelliggame vandaan kom nie en dat hulle tegelyk in een en dieselfde periode ontstaan het nie. Nee, dit gaan om 'n proklamasie waarin die Israeliet iets anders verneem as wat die Babiloniese mite leer, nl. dat die son 'n goddelike mag is en die maan 'n godin is nie, maar dat hulle maar gewone „liggies" is om vir die mens lig te verskaf. Die mities-gelaaide woorde „son" en „maan" word selfs nie eens gebruik nie! Die gode word ontmitologiseer en dit maak dié terrein vir menslike wetenskaplike ondersoek vry - só word astronomie en ruimtevaart moontlik.[55] Met die skeppingsverhaal bedoel die Bybel dus om te wys op die sin, nie op die opbou van die skepping nie.[56]

* Die begrippemateriaal van die Bybelskrywers is die van hulle eie tyd. Die openbaring het 'n „Israelitiese omkorsting". Die Skrif moet dus verklaar word volgens die letterkundige stylvorme waarin dit ge=

54) Van Peursen, C.A., Hij is het weer! p. 60.
55) Ibid., pp. 60-62.
56) Bergmann, G. Alarm om de bijbel, p. 92.

bring is.

* Die Bybelskrywers maak die leser nie attent op die uitsprake wat tipies van hulle eie tyd is nie, want die Heilige Gees openbaar nie aan hulle wat eeue later eers deur die wetenskap ontdek is nie. Die Bybelskrywers bied immers nie natuurwetenskaplike ken= nis nie, maar bied openbaring van die Koninkryk van God.

* Die Skrif gee na sy inhoud nie antwoord op alle vrae waarvoor die mens in hierdie lewe gestel word nie. Die Bybelskrywers is nie alwetend nie.

* Die openbaring korrigeer nie die wanbegrippe wat die skrywers m.b.t. die kosmos het nie; die By= bel bedoel nie om enige wêreldbeeld te gee nie, bedoel ook nie om die wêreldbeeld van die Bybelskrywers norma= tief op ons te lê nie, maar wil ons vertel hoe God sy koninkryk in hierdie wêreld stig.

* Die Godsopenbaring het 'n ontwikkeling deur= gemaak, vandaar die feit dat sekere Skrifgedeeltes net historiese gesag en nie normatiewe gesag het nie.

## 8 Versigtigheid 'n pedagogiese eis

Die vraag ontstaan: Sal mededeling van al die bogenoemde sake nie die kinders sodanig verwar en só 'n mate van twyfel in die gesag van die Bybel wek dat dit beter is om maar al die dinge in die Bybelles te omseil nie? Hierop moet die antwoord ondubbelsin= nig „nee" wees. Indien die oë van die kind van

jongsaf geopen word vir die korrekte begrip van die aard van die Skrifgesag, sal daar later by hom minder of geen verwarring wees nie. Om toe te laat dat die kind op latere leeftyd met 'n skok besef dat hy al die tyd 'n wanbegrip m.b.t. die Bybel gekoester het, kan nadelige gevolge vir sy vertroue in die geloofwaardig=heid van die Skrif hê. Ons mag die jeug wat helder=heid begeer nie in die weg staan nie. Ons moet nie vergeet nie dat duidelikheid 'n begeerde artikel in ons tyd is. Om die sake van die begin af aan die kind reg te stel is pedagogiese eis en noodsaak.[57)]

Oor die algemeen bestaan daar nog 'n algemene miskenning van die menslike sy van die Skrif en daar=om moet die onderwyser uiters versigtig wees in sy les sodat hy nie die indruk skep asof sekere uitspra=ke van die Skrif nie geloofwaardig is nie. Die kind moet geen skok belewe as die onderwyser poog om hom van 'n verkeerde tradisionele denkkader te verlos nie. Dit kan 'n skadelike „anti-effect" ten gevolg hê. Daarom is dit so uiters noodsaaklik dat daar tussen leerling en onderwyser 'n gesonde vertrouensrelasie bestaan. Verder moet die onderwyser probeer om so min moontlik te beweer en die leerlinge toelaat om so=veel moontlik self te eksploreer sodat hy nie net re=produseer wat hom deur die onderwyser voorgesê is nie, maar dat sy wete sal berus op vertroue en verworwe in=sig. Die leerling moet net nie te vroeg „belas" word met dié dinge nie - 'n bespreking van die skepping en die nuutste wetenskaplike ontdekkinge m.b.t. ouderdom=

57) Vgl. P. -, Lekepraat. Ad Fontes, 15(11): pp. 261-265, Sept. 1968.

van aardlae en fossiele is bv. eers relevant wanneer biologie- en geologiestudie op hierdie punt probleme oproep. Al is boerewors en kool hoe gesond, voer mens dit nie aan 'n twee weke oue baba nie![58)]

## 9 Eenheid en diversiteit in die Bybel

Die verskillende boeke van die Bybel vorm 'n een= heid - nie 'n meganiese eenheid soos 'n horlosie waar= van die verskillende dele voorberei is met die oog daarop dat dit uiteindelik tot 'n eenheid saamgevoeg word nie, maar 'n organiese, soos 'n statige boom, die produk van progressiewe groei.[59)]

Nieteenstaande die verskeidenheid van inhoud openbaar die Bybel 'n wonderlike en sinvolle eenheid.[60)] Vir die didaktiek van die Bybelles is dit van die grootste belang dat hierdie eenheid, die grondliggende beginsel, ontdek word. Hierdie grondlyn van die Skrif tree deurgaans singewend op in die behandeling van By= belstof.

Omdat die lewe en die wêreld vir die moderne mens sy sin verloor het, absurd geword het, konstateer hy die dood van God. Die skool het hieraan skuld deur= dat daar selfs nou nog te veel klem gelê word op blote feitekennis, ook in die godsdiensonderrig, sonder dat

58) Vgl. 1 Kor 3:2. Vgl. ook Van de Heuvel, A., Les= geven over het Nieuwe Testament. Opdracht, 16(1): pp. 23, 24, Sept. 1068.

59) Berkhof, L., op. cit., p. 53.

60) Vgl. Greydanus, S., op. cit., pp. 45-56.

die kind ooit ervaar wat die sin van hierdie feite is, sonder dat hy ooit agterkom wat dié dinge met homself te doen het. In hierdie spel mag allermins in die Godsdiensonderrig meegespeel word. Daarom mag die Godsdiensonderrigles nooit 'n blote feiteverhaal word nie. Feite as sodanig het weinig betekenis. Dit kry pas sin as dit sinvol geïnkorporeer word in 'n to= taal van feitelikhede. Daar moet m.a.w. 'n grondlig= gende ordeningsbeginsel wees wat sin gee aan die feite. In die godsdiensonderrig is dit die taak van die onder= wyser om die grondliggende beginsel, die diepe sin, die hoofgedagte van die Skrif as geheel sowel as die grond= patrone van die betrokke onderdeel na te speur, die „feite" van die les daarmee in verband te bring en so= doende die sin daarvan vir die kind uit te lig.

Die vraag is nou: Wat is die hoofgedagte, die sin= gewende grondpatroon van die Skrif? Hieroor moet daar by die onderwyser geen onduidelikheid wees nie. Prof. du Toit stel dit duidelik so: „Die sentrale gedagte van die Skrif is dié van die koninkryk van God en dit belig die mens en wêreld, geskiedenis en toekoms, al= les vanuit een punt: die koms, die dood, opstanding, hemelvaart en wederkoms van Christus."[61] Die Rykge= dagte bied perspektief op die feite van die Bybelles.[62] Mooi stel Prof. du Toit dit as hy skrywe: „Die tema van hierdie ryk en die ritme van sy periodes wat traps= gewys voortskry, is die grondmelodie van die geweldige

61) Du Toit, S. Bybel, skepping, evolusie, p. 75.
62) Vgl. Kotzé, G.J., op. cit., p. 35.

simfonie wat ons in die Skrif vind."[63)]

By die koninkryk van God moet die kind in die By=belles persoonlik betrek word. Die volle lig moet sentreer op die heil van die mens, dus ook van hierdie kind, maar dan die heil soos beliggaam in die koms van Jesus Christus.[64)] En die eerste koms van Christus bring nog nie finale vervulling van die ryk nie, net die aanvanklike. Met die wederkoms van Christus vind ons die volledige vervulling daarvan.[65)] Nou leef ons in die „tussentyd" waarvan die Koninkryk van God steeds die singewende faktor is. Wie, soos die eksis=tensialiste, tevergeefs soek na die sin om so eindelik God dood te verklaar en die absurditeit te verheerlik, kyk die koninkryk van God in Skrif en wêreld mis. Dít is die taak van die Bybelonderwyser om die sin van die Bybelse feite te laat skitter onder die perspektief van die koninkryk van God en die leerling 'n sinvolle uitsig op sy lewe te gee deur hom sy plek in en relasie tot die koninkryk van God te laat besef.

Al die boeke van die Bybel het Jesus Christus as sentrum. Elke saak wat in die Bybel behandel word, hou verband met die werk van verlossing en die vesti=ging en uitbreiding van God se koninkryk op aarde.[66)] Die boeke van die Bybel openbaar die ontwikkeling van

63) Du Toit, S. Die Koninkryk van God in die Ou Testa=ment. (<u>In</u> Du Toit,S.e.a. Die Koninkryk van God, p. 12)

64) Vgl. Kotzé, G.J., op. cit., p. 36.

65) Vgl. vir die Koninkryksgedagte as sentrale tema van die Skrif die artikels van Du Toit,S. en Snyman, W.J. en Floor, L. in S. du Toit, e.a.,Die koninkryk van God.

66) Berkhof, L., op. cit., p. 54.

'n enkele Goddelike gedagte met verskeie sinvol geïn=tegreerde onderdele of grondpatrone. Prof W.J. de Klerk toon bv. op skitterende wyse aan hoe die volgende grond=patrone dwarsdeur die Bybel as singewende faktore heen=loop: Die grondpatroon van die voltooiing van wat be=gin is, dié van menslike ineenstorting, van God se be=sondere genade, die grondpatroon van die kerk, van die Koninkryk van God en van Christus.[67)]

Die onderskeie boeke van die Bybel openbaar aan ons die blomknop van die Goddelike beloftes wat gaan=deweg oopgaan tot 'n pragblom.[68)] En in die sentrum hiervan staan Jesus Christus! „The coming Christ casts his shadows before him, and finally appears in person."[69)] Treffend stel Prof. W.J. de Klerk die Christosentrisiteit van die Skrif soos volg: „Die By=bel is soos 'n vensterruit wat fyn gepoleer is en ge=maak is van diamante. Ons moet nie net na die ruit kyk nie, maar deur die ruit, want agter die ruit staan Jesus wat ons reg in die oë kyk. Die Bybel is soos 'n kosbare kleed wat gedra word deur ons Saligmaker. Dit is Hy wat uit die plooie van sy kleed sy hand na ons uitsteek."[70)] Die onderwyser wat sy Bybellesse nie Christosentries aanbied nie, misken dus die een=heid van die Skrif, bied die leerlinge loutere „ruit=glas", feite sonder diepte, sin of relevansie en speel

67) De Klerk, W.J., Grondpatrone van die Bybel, pp. 12-19.

68) Vgl. Du Tiot,S., Die koninkryk van God in die Ou Testament. (In Du Toit, S., e.a., Die koninkryk van God, p. 12.)

69) Berkhof, L., op. cit., p. 54.

70) De Klerk, W.J. op. cit., p. 19.

so mee in die spel van sinloosheid van ons tyd. Waar Christus uit die Bybelles verdwyn, word alles sinloos, daar sterf ook God en dan het die Bybel vir 'n verloregaande mensdom niks te sê nie - dan is daar geen hoop nie, geen troos nie, het alles absurd geword - want dan is God dood!

God is die God wat Hom verberg in sy Skrifgeworde Woord waaruit Hy slegs geopenbaar word in die gestalte van sy vleesgeworde Woord, Jesus Christus. Die „lot=gevalle" van sy volk, hulle lyding en aanvegting, hoop en oorwinning kan nooit begryp word buite die gebeure rondom en die dade en Persoon van Jesus van Nasaret nie.[71)] Die eksistensie - en radikale teoloë roep dus tereg op om te begin by Jesus omdat geen verstan=dige Woord oor God, Bybel, wêreld - geskiedenis buite Jesus om gespreek kan word nie. Per slot van sake, die Skrif dien om Jesus bekend te stel.[72)] Daarom is die ware vertolking van die Skrifte die verkondi=ging van Jesus en die egte Bybelles 'n les wat Chris=tosentries aangebied word. Waar dít gebeur gaan die Skrifte oop.[73)]

Ten einde die Skrif sinvol te onderrig, moet die onderwyser die genadeverbond nie uit die oog verloor nie. Die grondstrukture van die Bybel is deur en deur verbondmatig en die kind met wie die onderwyser te doen het, is verbondskind (oor die algemeen is dit nog die

71) Vgl. Lekkerkerker, A.F.N., Waar staan wij nu? (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. Revolte in de teologie, p. 186).

72) Vgl. Hand. 8:35; Joh. 5:39; 2 Tim. 3:15.

73) Kuitert, H.M., Verstaat gij wat gij leest? p. 14.

posisie in Suid-Afrika). Maar die verbond dui nie net op die gemeenskap tussen Bondsgod en bondsvolk nie, terselfdertyd behels dit ook die band wat kragtens die verbond tussen die heil en die kosmos gebind is. Die onderwyser sal dus voortdurend in sy les ook die band tussen Woord en wêreld lê, anders dreig die heil om antropologies, piëtisties en subjektivisties vereng en verkort te word, soos wat by Robinson inderdaad die ge= val is. By hom speel die Ou Testament en die verbond geen rol nie; die plek daarvan word geheel en al deur die moderne lewensbeskoulike problematiek ingeneem.[74)]

Tesame met bovermelde eenheid openbaar die Skrif ook die grootste diversiteit: Die Ou en Nuwe Testa= ment is bv. baie duidelik van mekaar te onderskei wat inhoud, taal en vorm betref; die verskillende boeke toon onteenseglik die tekens van verskillende outeurs en kultuurhistoriese agtergrond. Elke boek het 'n individuele karakter. Verder is daar ook die verskil= lende vorme te onderskei waarin die Goddelike openba= ring tot ons kom: Historiese verhale, didaktiese ge= skrifte of gesprekke, profesieë, poësie. En elk van hierdie literatuurvorme moet as sodanig geïnterpreteer word as die onderwyser nie in dieselfde slaggate as die fundamentaliste wil trap nie.[75)]

74) Vgl. Szekeres, A., Bischof Robinsons „Honest to God" und die wirkliche Aufgabe der Theologie heute. Ned. Theol. Tijdschrift,20(2):pp. 198-210, Febr. 1966; en Berkhof,H. Christologie en Christusprediking in ver= band met de huidige beleving van de werkelijkheid. Hoe brengen wij Christus in het heden ter sprake? Ned.Theol. Tijdschrift, 21(5): pp. 370-386, Jul. 1967.

75) Ibid., p. 57.

## 10 Die Bybel het 'n enkelvoudige sin of betekenis

Dit is ook vir die onderwyser van die grootste belang om te weet dat die Bybel 'n enkelvoudige bete=kenis het. Die tendens by sommige verklaarders om 'n veelvoudige sin in die Skrif te aanvaar, maak die deur oop vir alle soorte sterk uiteenlopende of arbi=trêre interpretasies. Die dwaling om 'n meervoudige sin te aanvaar het sy oorsprong hoofsaaklik in 'n wan=begrip van sommige belangrike kenmerke van die Skrif, soos bv. die figuurlike taal daarvan, die verborge ele=mente daarvan, die simboliese feite, rites en hande=linge, die profesieë met 'n dubbele, selfs drievoudige vervulling, die tipologie van komende werklikhede, ens.[76)]

Die enkelvoudige sin van van die Skrif rus op die volgende:

* Die waaragtigheid van God: Hy wat die abso=lute waarheid is, sal ons geen dubbelsinnige, mislei=dende openbaring gegee het nie;

* Die doel van God se openbaring: Dit is die openbaring van sy wil en weg tot saligheid terwille van sy eer en verheerliking en die verlossing van son=daars. Daarom sou Hy nie 'n dubieuse openbaring gee wat in die weg van sy doel staan nie;

* Die noodsaaklike ooreenstemming tussen die openbaring van die Logos in die gees van die mens en

76) Ibid., p. 57.

sy openbaring in natuur en Skriftuur. Alle openba= ring moet redelik wees om verstaan te kan word. Dit is tog inkonsekwent om te aanvaar dat God Homself op 'n redelike wyse sou openbaar in die natuur en nie ook in sy Woord nie;

* Die karakter van die menslike taal waarin die Bybel geskrywe is: Die logika van die menslike gees word gereflekteer in die taal wat hy besig. Dit is vreemd aan taal dat 'n woord twee of meer betekenisse in dieselfde verband het.[77)]

Ten einde homself te vrywaar van misvattinge m.b.t. die beginsel van die enkelvoudige betekenis van die Skrif, moet die onderwyser vir die volgende sake be= dug wees:

* Hy moet onderskei tussen die werklike bete= kenis van die Skrif en die betekenis wat daaraan toe= geskrywe word deur verskillende interpreteerders;

* Hy moet onderskei tussen die werklike bete= kenis van 'n Skrifgedeelte en die verskillende wyses waarop dit toegepas kan word;

* Hy moet kan onderskei tussen die letterlike en verborge betekenisse, maar dan in gedagte hou dat dit nie 'n dubbele maar 'n enkelvoudige sin uitmaak - hierin moet die onderwyser hom deur die Skrif self laat lei;

* Laastens moet die onderwyser 'n sorgvuldige

77) Ibid., p. 58.

onderskeid tref tussen 'n dubbele vervulling van 'n profesie en 'n dubbele betekenis. Sommige profesieë word in verskillende opeenvolgende feite of gebeurte= nisse vervul - dan is vroeëre vervullings gedeeltelik en daarby tipies van die wat volg.

Die vraag is nou" Mag daar van 'n dieper bete= kenis van die Skrif gepraat word? Dit mag wel, as daarmee nie bedoel word dat daar 'n vlakker betekenis ook is nie. Die werklike betekenis van die Skrif lê nie altyd op die oppervlakte nie. I.p.v. die term „dieper betekenis" behoort liewer dan „diepe beteke= nis" of nog beter: „betekenis" gebruik te word. Deur bloot van „betekenis" of „sin" te praat word die gedag= te van meervoudige betekenis by die wortel afgesny.

## 11 Die verhouding van die onderwyser as verklaarder tot die Bybel as objek van sy studie

In teenstelling met Rome het die kerk van die Re= formasie die belangrike beginsel aanvaar dat elke indi= vidu die reg het om ondersoek in te stel na die bete= kenis van die Woord van God en om die Woord van God self te interpreteer. Uitgaande van hierdie beginsel moet die onderwyser in sy verklaring heeltemal vry wees. Bandeloosheid of totale ongebondenheid word egter nie bepleit nie, maar hy moet inderdaad vry wees van alle eksterne restriksies en outoriteit. Nooit egter is hy vry van die wette wat inherent is aan die objek van sy interpretasie, d.w.s. die Bybel self, nie. In sy verklaring is hy gebonde aan wat daar geskrywe staan in die Bybel en hy het geen reg om sy eie gedagtes aan

die outeurs toe te skrywe nie. Hy moet uitlegkunde beoefen, nie inlegkunde pleeg nie! Die onderwyser is inderdaad gebonde deur die feit dat die Bybel geen loutere menseboek is nie, maar die geïnspireerde Woord van God.[78)]

12 Die toerusting van die onderwyser

Dit behoort nou uit die voorgaande duidelik te wees dat die onderwyser, al is dit elementêr, kennis moet dra van hermeneutiese beginsels. Hy moet kennis dra van die beginsels van grammatikale interpretasie, historiese interpretasie en teologiese interpretasie van die Skrif.

Wat die grammatikale interpretasie betref: Hoe=wel nie van elke onderwyser in die Godsdiensonderrig verwag kan word om die grondtale te ken nie, is soda=nige kennis vir die dosent wat onderwysers in hierdie vak moet oplei, van groot belang. Dit is egter nood=saaklik dat onderwysers hulle moet behelp met Bybel=konkordansies, Skrifverklarings, Bybelse Ensiklope=dië en Bybelse Woordeboeke, die Bybel met Verklarende Aantekeninge, kommentare, ens. Die onderwyser sal voortdurend sorgvuldig moet let op wât daar presies geskrywe staan.

13 Historiese interpretasie van die Skrif

Die Woord van God het op historiese wyse ontstaan

78) Vgl. Greydamus, S., op. cit., pp. 111-113 en Berk=hof, L., op. cit., pp. 64-67.

en moet dus verstaan word in die lig van die geskie=denis. Dit beteken nie dat alles wat daarin staan histories verklaar moet word nie, aangesien die Bybel as bonatuurlike openbaring van God natuurlik elemente huisves wat die perke van die historiese transendeer. Wat dit wel beteken, is dat die inhoud van die Bybel in 'n groot mate histories bepaald is en dus histories begryp moet word.[79)]

In die Bybel gaan dit om die dade van God in die geskiedenis. Hoewel die Bybel sy ontstaan nie uit die Nabye Ooste het nie, het dit egter in die Nabye Ooste ontstaan. Die „geskiedskrywing" van die Bybel moet derhalwe nie aan Westerse standaarde onderwerp word nie. In sy geskiedskrywing gee die Westerling eksakte „portretopnames" terwyl die Oosterling geneig is om „momentopnames" te bied wat in hulle gesamentlik=heid 'n beeld gee. Bowendien het ons in die Skrif nie met gewone geskiedenis te doen nie, maar met open=baringsgeskiedenis. In lg. gaan dit nie om al die besonderhede nie, maar om die groot lyne van die werk van God. Hiervan gee die Oosterse skrywer geen ek=sakte beeld nie, maar eerder 'n skildery waarby die klem op uitbeelding van die hoofsaak, effek en geheel=uitbeelding val. Daar word bv. nie met tydsorde reke=ning gehou nie. Die hoofsaak is die Godsopenbaring in Christus. Daarby het getalle, in tydsrekening en andersins, in die Bybel soms eerder kwalitatiewe as kwantitatiewe waarde.[80)]

79) Vgl. Greydanus, S. op. cit., pp. 129-132.

80) Du Toit, S., Openbaringsgeskiedenis van die O.T., pp. 37-39.

Die geskiedskrywing van die Bybel dra duidelik 'n eie karakter. Dit verhaal slegs wat saamhang met die Godsopenbaring. Beoordeel volgens die norme van die profane geskiedenis veral soos by die Westerling in gebruik, is die Bybelse geskiedenis inkompleet, vol leemtes en tog waar en betroubaar.[81] Die Bybel is inderdaad wat Prof. du Toit „'n tendensboek" noem.[82]

Die geskiedverhaal van die Bybel staan onder profetiese beligting. Ons het hier nie met geskiedskrywing in die gewone sin te doen nie, maar met profetiese kommentaar. Dit is dan ook te begryp waarom „historiese" boeke soos Josua, Rigters, Samuel en Konings in die Hebreeuse kanon onder die profetiese boeke voorkom.[83]

Dié andersoortigheid van die Bybelse geskiedenis moet die kinders ingeprent word. Hierdie andersoortigheid beteken hoegenaamd nie dat die Bybelse geskiedskrywing op fantasie berus of dat die geskiedkundige inhoud van minder belang is nie, soos sommige Skrifverklaarders beweer nie. Die opgrawinge het reeds menige bewering oor die onbetroubaarheid van die Skrifte ontsenu.[84] Die tydgebondenheid van die Skrifte is juis die merk van hulle egtheid. Die feit dat God Hom in die gryse verlede geopenbaar het in terme wat vir daardie tyd verstaanbaar was, toon juis aan ons die

81) Hulst, A.R., Schriftgezag en geschiedenis. (In : Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., De Bijbel in het geding, pp. 99-112)

82) Du Toit, S. op. cit., p. 40.

83) Loc. cit.

84) Ibid., pp. 43, 44.

aktualiteit van sy Selfopenbaring, nl. dat hy ook in die 20e eeu in twintigste eeuse terme verstaan en ge=ken wil wees.[85)]

Ook psigiologiese interpretasie (as onderdeel van die historiese interpretaise) is noodsaaklik. 'n Woord word immers nie ten volle verstaan tensy dit be=gryp word as 'n lewende woord, dit is soos dit in die siel van die outeur ontstaan het. Daarom is dit ook van besondere belang dat die outeur teen sy kultuur=historiese agtergrond gesien word, want per slot van sake is die outeurs in 'n groot mate produkte van hul=le historiese milieu, bv. sy volk, land en tyd. Die plek, tyd, omstandighede en heersende wêreldbeeld en lewensbeskouing kleur vanselfsprekend die geskrifte wat onder genoemde omstandighede ontstaan. Daar is geen boek ter wêreld wat so lewensgetrou soos die By=bel is nie.[86)] Die onderwyser moet dus poog om die outeur te ken: sy afkoms, karakter, temperament, sy intellektuele, morele en religieuse karaktertrekke sowel as die eksterne omstandighede van sy lewe. Ook die sprekers en oorspronklike lesers of toehoorders moet geken word.[87)]

Die Bybel moet dus histories benader word, want dit is 'n getuienis uit die verlede. Maar hierdie historiese benadering moet altyd diensbaar wees aan 'n

85) Vgl. Kuitert, H.M., Verstaat gij wat gij leest? pp. 20-29.

86) Berkhof, L., op. cit., p. 14.

87) Vgl. Greydanus, S., op. cit., pp. 103-108; ook: Bergmann, G., op. cit., pp. 28, 29.

„geëngageerde" verstaan en vertolking daarvan in en vir die hede. Pas wanneer die onderwyser die kloof tussen hede en verlede oorbrug het, mag hy (eers) sê dat hy die Woord van God vir die kinders verstaanbaar gemaak het. Karl Barth het hier rigting gegee: 'n Mens kan 'n teks net verstaan as mens dit benader met die bereidheid en in die verwagting om die Woord van God te hoor. Daarom moet die klem nie op die histo=riese bepaaldheid en omlysting val nie, hoe belangrik dit ookal is, want in die Bybel gaan dit om die open=baring van God en nie om die vroomheid van die Bybel=skrywers of om interessante historiese gebeurtenisse nie.[88)]

Dit hoort dus tot die algemene voorbereiding van die onderwyser dat hy hom op hoogte stel met die argeo=logiese, topografiese en historiese agtergronde van die openbaringsgeskiedenis, nie om aan ons kinders al=lerlei geleerdhede en interessanthede mee te deel nie, maar as 'n middel om die karakter van die Bybelse ver=telling tot sy reg te laat kom. „Want bij de bij=belse vertelling gaat het uiteindelik om het spreken van God tot ons; gaat het om de openbaring Gods in de historie, gaat het om de gang van het heil door de historie."[89)] Die kultuurhistoriese gegewens moet altyd in die nouste verband met en steeds ter verhel=dering van die Bybelse gegewens in die les betrek word. Daarom is dit ook noodsaaklik dat, tydens die Bybelles,

88) De Jonge, H., Theologie als hermeneutiek. (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., Revolte in de Theologie, p. 75).

89) Waterink, J. Grondslagen der didaktiek, p. 122.

voor elke kind 'n Bybel ooplê, dat 'n Bybelatlas altyd byderhand is, dat fotos en sketse van Bybelse gebruiks=artikels tot die kind se beskikking is. Dit sal hom die stof laat beleef. Ook kleurskyfies en rolfilms kan hier 'n belangrike taak vervul.

Dit is baie belangrik dat die onderwyser die ver=houding tussen Skrifverklaring en die ontdekkinge van die natuurwetenskap reg sien: In die verlede is die Bybel al te dikwels verklaar in terme van een of ander wetenskaplike wêreldbeeld. Vroeër was die Aristote=liese en Ptolemeïese wêreldbeeld, waarvolgens die aar=de die middelpunt is, die uitgangspunt in die Skrifver=klaring; tans word weer getrag om die Bybel te ver=klaar in die lig van die Copernicaanse wêreldbeeld. En tog: Die Skrif sien nie die aarde nie, maar die he=mel, as sentrum (vgl. - (vgl. Jes. 40:12vv.). Geen wêreldbeeld mag uitgangspunt vir Skrifverklaring wees nie.[90]

Indien die onderwyser die kind deur woord en voor=beeld daartoe kan opvoed dat hy sal besef dat die By=belgelowige nie skepties teenoor die wetenskap moet staan nie, maar dit moet sien as 'n middel waardeur, onder die voorsienige bestuur van God, kennis na ons gebring word waardeur ons beter begrip van die Bybel kan kry, kan die ontdekkinge van die natuurwetenskap nooit die Skrifgeloof van die kind skok nie.[91]

In sy Skrifverklaring moet die onderwyser steeds

90) Du Toit, S., Openbaringsgeskiedenis van die O.T. pp. 36, 37.

91) Vgl. Du Tiot, S., Ibid., p. 37 en ook : Bybel, skepping, evolusie, pp. 92-109

rekening hou met die feit dat daar 'n wedersydse beligting van Bybel en wetenskap bestaan. En hierdie verhouding moet reg gesien word. Die Bybel bied nie wetenskaplesse nie, nie uitsprake oor alle moontlike sake nie - tog is dit totalitêr: dit werp lig oor die ganse kosmos; dit gee selfs lig op sake wat die wetenskap nooit kan ontdek nie. Treffend stel De Jong dit soos volg: „Buiten het licht der openbaring lijken mens en wereld juist wat zij in werklikheid niet zijn, nl. goddelijke of anti-goddelijke of onwereldlijke werkelijkheid"[92)]

Aan die anderkant kan die wetenskap lig werp op onduidelikhede in die Skrif m.b.t. taal, uitdrukking, bedoeling, ens. Hier moet die onderwyser egter baie versigtig wees, want die verklaringsbeginsel moet aan die Skrif self ontleen word, nie aan die natuurwetenskap, filosofie, geskiedenis of argeologie nie.

Hoe belangrik die kultuurhistoriese gegewens egter ookal mag wees, dit word nooit bepalend vir die uitleg van die Skrif nie. Wat buite die Heilige Skrif, in ander geskrifte gesê word, deur argeologiese opgrawings blootgelê word, mag sekundêre betekenis hê en hulpdiens bied tot die regte verstaan van wat die Heilige Skrif bevat, maar hoër waarde het dit nie. Oor die waarheid en waarde van die Heilige Skrif

92) De Jong, J.M., Bijbels scheppingsgeloof. (In Dippel, J.C. & De Jong, J.M., Geloof en natuurwetenschap, dl. I, p. 35).

kan dit nie beslis of uitspraak gee nie.[93] Wat dit wel kan doen, is om die verklaarder van die wanbegrip=pe te verlos!

Die onderwyser moet daarteen waak dat daar by die kind die indruk groei asof die Christen bang is vir die resultate van die wetenskap. Van kleinsaf moet hy leer om „oop" te staan teenoor nuwe ontdekkinge. As Christene het ons niks om weg te steek nie, om te verdoesel nie.[94] Kuitert stel dit so: „Het is struisvogelpolitiek, als je de gegevens die de we=tenschap o.a. op je tafel brengt, van de tafel schuift! Je kunt je niet onttrekken aan het antwoord geven."[95]

Slegs die verklaarder met oogklappe aan sal weier om die Bybel opnuut uit te lê as die wetenskap met nu=we lig kom. Dié standpunt beteken geen miskenning van die beginsel dat slegs die Skrif die Skrif moet uit=lê nie. Die Bybel verwag tog nie van die verklaarder om teen sy beterwete in swart wit te noem nie. Gege=wens wat langs die weg van wetenskaplike ondersoek aan die lig gebring is, ís relevant by Skrifverklaring want die waarheid kniehalter nooit! Wie andere en homself bind aan die uitleg van gister, loop gevaar om die evan=gelie op minstens twee maniere kwyt te raak:[95]

* Hy voer 'n dubbele waarheid in: Die ou Skrif=

93) Vgl. Greydanus, S., op. cit., pp. 125,126,140,141, 145.

94) Vgl. Du Toit, S., Teologie in 'n tyd van sekula=risme. <u>In die Skriflig</u>, 4: p. 18, Aug. - Sept. 1967

95) Aangehaal deur Seo, <u>Centraal Weekblad</u>, 16(16): p. 9, 20 April 1968.

96) Kuitert,H.M. Verstaat gij wat gij leest?pp.30-32, 74-76.

uitleg sowel as nuwe wetenskaplike ontdekkinge wat daarmee in stryd is, word as waarheid gehou.

* Hy bind die Skrif aan die tradisie. Laat die Reformasie hier as voorbeeld dien: Dit was in baie gevalle 'n poging om die Skrif te „ontkors" van die aangegroeide kors van tradisionele vertolking.

14 „Teologiese" interpretasie van die Skrif

Die onderwyser mag die Bybel nie op dieselfde vlak as ander boeke benader nie. Die Bybel onderskei hom juis van ander boeke en wel daarin dat dit 'n diepe sin bevat. Derhalwe moet die Bybel in die eer=ste instansie pneumaties benader en „teologies" geïn=terpreteer word. Die Bybel bevat baie waarvan die verklaring suiwer in die „Auctor primarius", God Self lê. Oor sulke sake kan suiwer grammatikale of histo=riese of psigologiese oorwegings geen duidelikheid gee nie.

Die volgende uitsprake is vir die „teologiese" verklaring van groot betekenis:

* „Finitum non capax infiniti" („die eindige kan die oneindige nie vat nie.")[97];

* „Sacra Scriptura outopistos est" („die Hei=lige Skrif het die grond van sy geloofwaardigheid in Homself");

* „Sacra Scriptura sui ipsus interpres est"

97) Bergmann, G. op. cit. p. 102.

(„die Heilige Skrif is sy eie tolk");

14.1 Die Bybel as eenheid[98)]

Die huidige tendens om die diversiteit van die in=houd van die Skrif te beklemtoon vereis dat die onder=wyser in sy Bybellesse besondere aandag daaraan moet bestee om die Bybel as 'n eenheid te interpreteer. Beide Ou en Nuwe Testament vorm essensiële dele van God se besondere openbaring. God is Outeur van bei=de. In beide is daar dus dieselfde oogmerk of doel. Beide bevat dieselfde leer van verlossing, predik die=selfde Christus en lê op die mens dieselfde morele en godsdienstige verpligtings. Terselfdertyd is die openbaringe wat dit bevat progressief, dit neem toe in duidelikheid. Die Nuwe Testament is implisiet in die Oue en die Oue eksplisiet in die Nuwe. Ook die verskillende boeke van die Bybel vorm 'n eenheid om=dat die één goue draad van die koninkryk van God daar=deur geweef is.

14.1.1 Die Ou en Nuwe Testament vorm 'n eenheid

* Die leer van verlossing was essensieel die=selfde vir hulle wat onder die Ou Verbond gelewe het as vir die kerk van die Nuwe Testament: Die tipologie=se element in die Ou Testament en die simboliese aard van baie van die instellings en seremonies moet deur die onderwyser herken en aangedui word. Die seremonies was simbole van geestelike waarhede. Die offerandes

98) Vgl. Berkhof, L., op. cit., pp. 134-138.

het gespreek van sondevergifnis op grond van die bloed=storting van Christus en die voortdurende wassinge het die reinigende werk van die Heilige Gees afgebeeld. Die tabernakel as 'n geheel was 'n openbaring van die weg wat na God gelei het en Kanaän self was 'n simbool van die rus wat vir die volk van God weggelê is in die ewigheid. Lees byvoorbeeld Lev. 20:41; 20:25; Ps. 26: 6; 51:7, 16, 17; Jes. 1:16. Die seremonies van die Ou Testament het dus met die kind persoonlik te doen en hierdie verband moet deur die onderwyser gelê word.

* Die ware Israel in die Ou Testament sowel as in die Nuwe is nie die natuurlike afstammelinge van Abraham as sodanig nie, maar slegs hulle wat sy geloof gedeel het. In die verkiesing van Israel het God nie net bedoel om Israel as volk van God af te sonder nie, maar déúr hulle ook gelowiges uit ander volke. Só het die verbond wat God met Abraham gesluit het dan persoonlike betekenis vir die kind.

* Ou en Nuwe Testament moet nooit antiteties teenoor mekaar gestel word nie: Die verskille is re=latief, nie absoluut nie. Die gelowiges van die Ou Testament is nie op 'n ander wyse gered as dié in die Nuwe Testament nie: Hulle het dieselfde Middelaar nodig gehad, dieselfde Heilige Gees. Hulle het die=selfde seëninge van die verbond geniet. Die twee testamente staan nie net in die verhouding tipe - anti=tipe tot mekaar nie, maar ook as knop en blom, as pri=mitiewe en meer perfekte openbaring.

* Die ordinansies van die ou verbond (besnyde=nis, offers, reinigings) was nie net op reiniging van

die vlees gerig nie. Dit was ook nie net skadus van 'n komende werklikheid nie, maar het ook geestelike betekenis gehad soos die doop en nagmaal in die Nuwe Testament, maar dan slegs i.v.m. die komende volmaakte offer van Jesus Christus wat ook allesbeheersende be=tekenis vir die kind van vandag en vir die lydende en sondige wêreld van vandag het.

### 14.1.2 Riglyne vir die onderwyser

In sy verklaring van die Ou en Nuwe Testament in hulle onderlinge relasie tot mekaar, moet die onderwy=ser hom deur die volgende oorwegings laat lei:

* Die Ou Testament verskaf die sleutel tot die regte interpretasie van die Nuwe Testament: Kennis van die skeppingsverhaal, sondeval, oprigting van die verbond en beloftes van die komende Verlosser is voor=waarde vir die behoorlike begrip van die Nuwe Testa=ment. Die Ou Testament bevat ook baie wat daartoe dien om die Nuwe Testament te illustreer (Joh. 3:14, 15; Rom. 4:9-13: Hebr. 13:10-13).

* Die Nuwe Testament is 'n kommentaar op die Oue: Terwyl die Ou Testament 'n skaduagtige verteen=woordiging van die geestelike werklikhede bevat, bied die Nuwe Testament hulle aan in die perfekte lig van die volheid van die tyd. Die een bevat tipes, die ander anti-tipes, die een profesie, die ander vervul=ling. Die Nuwe Testament werp lig op die Oue (Hand. 2:29-31; Matth. 11:10; 21:42, Gal. 4:22-31; die boek Hebreërs).

* Die onderwyser moet daarteen waak om die Ou Testament te minimaliseer. Dit is die fout van hulle wat meen dat die Ou Testament slegs vrug van historie=se ontwikkeling is en wat dan verklaar dat die Ou Tes=tament van geen waarde meer is nie omdat ons die Nuwe Testament besit.

* Die onderwyser moet nie te veel in die Ou Testament inlees nie. Dit word bv. gedoen wanneer die besonderhede van die Nuwe Testament in die Ou Tes=tament teruggelees word. Voorbeelde hiervan is bv. wanneer die hout wat Moses gebruik het om die water soet te maak, beskou word as 'n direkte heenwyse na die kruis van Christus wat die bitter van dié lewe wegneem; of: as die hout van Elisa wat die byl na bo laat kom het, beskou word as beeld van die kruis wat die gesonke sondaar (die byl) ophef uit die sonde (water). Die onderwyser moet dus die gedeelte waar=oor hy wil lesgee baie deeglik bestudeer, in sy regte konteks plaas, in die regte verband met die presiese stadium van God se progressiewe openbaring sien.

### 14.1.3 Die betekenis van die verskillende Bybelboeke in die organisme van die Skrif[99]

Ten einde die feite van elke Bybelles reg te in=terpreteer en die betekenis daarvan ten volle te be=gryp, is dit noodsaaklik dat die onderwyser die verband

99) Vgl. Ibid., pp. 138-140; W.J. de Klerk, Grond=patrone van die Bybel, pp. 2-12; en Snyman, W.J. & Floor, L., op.cit., pp. 34-58.

daarvan met ander feite en met die hoofgedagte van die Skrif as geheel insien en aandui. Die Woord van God het organies gegroei. Die afsonderlike boeke van die Bybel is organies aan mekaar verwant. Juis omdat die Heilige Skrif 'n organisme is, moet by die verklaring van die een deel gereken word met die geheel en met die ander dele asook met die ontwikkelingsgang van die openbaring.[100] Die boeke van die Ou Testament openbaar die verlossingswerk van Christus tot eer van God histories in die vorming en leiding van Israel as nasie. Die poëtiese boeke en wysheidsliteratuur openbaar die vrugte daarvan in die geestelike ervarings en die praktiese lewe van die volk van God. Die profete belig dit vanuit God se ewige raad deur die onvermoë van die volk om aan God se eise te voldoen te beklemtoon en koers te gee aan die toekomsverwagting. 'n Soortgelyke lyn van ontwikkeling loop deur die Nuwe Testament. Die evangelies en die boek Handelinge bevat die geskiedenis van die werk van verlossing in Christus. Die briewe bevat die gevolge van hierdie werk in die lewe en ervaring van die kerk. Die boek Openbaringe openbaar die finale afsluitingin die strale van die hemelse lig.

Die vraag is: Hoe is elke boek verwant aan die Bybel as geheel? Die antwoord hierop kan slegs gevind word deur 'n deeglike studie te maak van die afsonderlike boeke i.v.m. die leidende gedagtes van die Bybel. Die onderwyser moet dit sy doel maak om te ontdek, nie net watter boodskap elke boek vir die tydgenote van die

100) Vgl. Greydanus, S., op. cit., p. 127-129.

skrywers gehad het nie, maar ook watter permanente waarde dit het, watter boodskap van God dit dra vir alle volgende geslagte, dus ook wat die boodskap vir die kind van vandag is.

* Die geslaagdheid van 'n Bybelles hang in die eerste plek daarvan af of die onderwyser helderheid het m.b.t. sy doelstelling by die betrokke les. Hier=die helderheid vind die onderwyser deur antwoorde op die volgende twee vrae te vind: Eerstens: Wat het God bedoel om i.v.m. sy koninkryk aan die mense „toe en daar" te openbaar? (Om dié vraag te kan beantwoord is die kennis van die kultuurhistoriese agtergrond 'n groot hulpmiddel). Tweedens: Wat openbaar God i.v.m. sy koninkryk vir die mense (die kinders voor die onder=wyser) „hier en nou?" (Hier is kennis van die node en behoeftes van die kind 'n groot hulpmiddel).

Byvoorbeeld:[101)]

Genesis: Die boek spreek tot alle eeue van die skepping van die mens na die beeld van God; van die sondeval van die mensdom; van die openbaring van God se verlossende genade en sy verbond met sy volk.

Exodus tot Deuteronomium: Die hooftema is hier die Wet en die verbondstrou van die Here. <u>Exodus</u> leer die verlossing deur bloedstorting; <u>Levitikus</u>

101) By die bespreking van die afsonderlike boeke is feitlik deurgaans gebruik gemaak van die gedagtes van De Klerk, W.J., Grondpatrone van die Bybel, pp. 2-12; Berkhof, L., op. cit., pp. 139-140; Snyman, W.J., Klasaantekeninge: Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament; J.H.van Wyk en W.J.de Klerk, Bybelse A.B.C.

leer hoe die sondige mens tot God kan nader en in sy heilige teenwoordigheid kan staan - die seremonies wys heen na Christus; Numeri behandel die woestynreis wat God se trou, die mens se ontrou en God se genadeverlos=sing illustreer - die woestynreis is sinnebeeld van aardse omswerwing om daarna uit genade, nie uit ver=dienste nie, in die ewige land Kanaän in te gaan. Mo=ses is duidelik tipe van Christus; Deteronomium toon die seëninge wat gepaard gaan met 'n lewe van gehoor=saamheid aan God en die vloek van God wat rus op die ontroue.

Josua: Hier is die hooftema: God se bondstrou teenoor sy volk en sy wrekende geregtigheid teenoor sy vyande.

Rigters: Die boek word gekenmerk deur 'n ritme: Sonde - straf - bevryding.

Rut: Die inskakeling van twee nie-Israeliete in die voorgeslag van Dawid en Christus beeld die Pinkstergebeure van heil tot alle volke af.

Samuel tot Kronieke: Saul is tipe van anti-teo=kratiese koningskap; Dawid is tipe van Christus in sy lyde; Salomo se ryk beeld die Vrederyk van die Messias af en hy is tipe van Christus in sy verhoging; die heilige linie waaruit Christus gebore word, is op die voorgrond. Terwille van die seweduisend wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie, stuur God sy profete na die ontroue Israel, wat a.g.v. bondsontrou in balling=skap gaan en verdwyn; ook Juda word eindelik wegge=voer a.g.v. bondsontrou.

Esra - Nehemia: God se bondstrou - die volk

keer terug. In die heropbou sien ons die skadubeeld van Christus die Hervormer.

Ester: Die hoofgedagte hier is: 'n Eenvoudige Joodse meisie word Persiese koningin sodat die volk van God behou kan word.

Die digterlike boeke: Job bied 'n oplossing al is dit nog vaag) vir die probleem van lyding in die lewe van die gelowige; Job se soeke na 'n oplossing is in wese 'n soeke na Christus en die vind van die oplossing 'n vind van die verlossing in die komende Messias. Die Psalms gee insig in die geestelike er= varings van die volk van God, hulle stryd en oorwin= ning, hulle vreugde en smart - en die Psalms sing van Christus: sy geboorte, lyde, oorwinning. In Spreuke is Goddelike wysheid aan die woord - Wysheid word selfs verpersoonlik (hfst. 8 en 9) en wys sŏ heen na Chris= tus. Prediker spreek van pessimisme en optimisme, eg. vertolk die hunkering na Christus en lg. die oor= winning in Christus. In Hooglied is die huwelikslief= de beeld van die verhouding tussen God (die Bruidegom Christus) en sy volk (die bruidskerk van Christus). Klaagliedere: Die afgebreekte tempel en stad is beeld van die liggaam van Christus wat gebreek sou word.

Die profete: Teen die historiese agtergrond van ontrou klink die Messiasprofesieë helder uit.

Die Evangelies: Hier is die hooftema die koms van die Koninkryk van God in die koms van die Koning. Mattheus wil toon dat Jesus die verwagte Messias van die Ou Testament is; Markus teken Jesus as Seun van God; Lukas toon die betrekking tussen Christus en die

mensdom; <u>Johannes</u> bied die selfopenbaring van Jesus as ewige Seun van God in sy eie woorde.

Handelinge: bied die stigtingsprediking van die koninkryk van God wat hier in sy stigting en uitbrei=ding geskets word.

Die <u>briewe</u> bied stigtelike prediking om toerusting te gee vir die burgers van die Koninkryk van God. Hierin gaan dit om die ontvouing van die koninkryk van God. Omdat die briewe almal geleentheidsgeskrifte is, egte briewe aan verskillende gemeentes onder bepaalde omstandighede is, laat hulle ons die openbaring in die nouste samehang met die werklikheid van die lewe sien. Die hoofgedagte is: Die openbaring van die koninkryk (Jesus die Christus) van God (die Seun van God) in die geskiedenis, in die lewe van die gelowiges.

Die <u>Openbaring van Johannes</u> toon die koninkryk van God in sy voleinding.

## 14.2 Die mistieke sin van die Skrif

Te veel val die klem nog deesdae in die skool op blote feitekennis sonder dat gesoek word na die diepe sin van die Skrif, die betekenis van die feite, die naspeur van die hoofgedagte, grondpatroon, openbarings=gedagte.

Die gevolg hiervan is dat die Bybel vir die kind, veral in sy latere lewe, sy relevansie verloor. Is dit 'n wonder dat daar in die samelewing so min met God en sy Woord gereken word, dat God en sy Woord ge=leidelik vir die mens in sy konkrete situasie swyg, om

eindelik vir alle praktiese doeleindes vir die moderne mens te sterwe? Die onderwyser in godsdiensonderrig het hier 'n besondere taak: Dit is sy roeping en taak om die lewende God en sy lewende Woord aan die kind van vandag in sy konkrete situasie relevant te maak. Dit kan hy slegs doen as hy daarin slaag om die diepe sin van die Skrif in so 'n mate aan die kind bloot te lê dat dit vir hom persoonlik betekenis kry.

### 14.2.1 Riglyne vir die ontdekking van die verborge sin

Kuyper vestig die aandag op die volgende:[102)]

* Die Bybel self bevat aanduidings van 'n mistieke sin: Die Nuwe Testament verklaar verskeie gedeeltes van die Ou Testament Messiaans, bv. Matth. 1.

* Daar bestaan 'n simboliese relasie tussen die verskillende sfere van die lewe, toe te skrywe aan die feit dat die lewe organies verband hou. Die natuurlike lewe is simbolies verwant aan die geestelike: die hiernoumaals openbaar die heerlikheid van die hiernamaals. So toon die huwelik bv. op verborge wyse die verwantskap tussen Christus en sy kerk(Ef. 5).

* Geskiedenis word gekenmerk deur 'n dioramiese eenheid: analoë gebeurtenisse kom soms herhaaldelik voor, hoewel gemodifieerd, en hierdie herhalings is, min of meer, tipologies verwant. Israel was 'n tipiese volk en die geskiedenis van hierdie ou volk is

102) Berkhof, L., op. cit., p. 141.

ryk aan tipiese elemente (vgl. Gal. 5:22-31; die boek Hebreers).

* 'n Noue verband tussen individuele en gemeenskaplike lewe word geopenbaar in liriese poësie: Die Psalmiste sing ook as lede van 'n gemeenskap. Hulle deel die vreugde en smart van die volk van God, wat in die laaste instansie die vreug en smart is van Hom met Wie die kerk 'n eenheid vorm. In die Psalms beluister ons dus dikwels onderskeidelik die digter, die volk (die Kerk) en die Messias (bv. Ps. 141).

### 14.2.2 Die omvang van die verborge sin

Die diepe sin word in die hele Bybel aangetref: in die historiese, poëtiese sowel as profetiese boeke. Die aard van die verborge sin kan die beste na vore gebring word in 'n beknopte bespreking van die simboliese en tipiese interpretasie van die Bybel, die verklaring van profetiese stof en die verklaring van die Psalms[103], die wonderwerke en die gelykenisse.[104]

## 14.3 Die simboliese en tipologiese interpretasie van die Skrif

God openbaar Homself nie net in woorde nie, maar

103) Vgl. hiervoor Berkhof, L., op. cit., pp. 142-157; Du Toit,S., Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament pp. 142-144; Du Toit, S. Bybel, skepping, evolusie, pp. 115-122.

104) Vgl. Snyman, W.J., Klasaantekeninge: Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament; ook Snyman, W.J. & Floor, L., op. cit., pp. 34-58.

ook in feite. Die twee gaan soms saam en is onderling aanvullend: Die woorde verklaar die feite en die feite is kontrete beligting van die Woord. Die perfekte sin=tese van beide word gevind in Christus, want in Hom het die Woord vlees geword. Al die feite van die verlos=singsgeskiedenis sentreer rondom hierdie feit. Die verskillende lyne van die Ou Testament lei daarheen en dié van die Nuwe Testament straal daarvan uit. Slegs in die saambindende sentrum, Jesus Christus, het die Bybelstof sin. Die onderwyser wat dus in sy Bybelles nie daarin geslaag het om by Jesus Christus uit te kom nie, het aan die betekenis van die Bybel verbybegaan. John Bright sê tereg: „....the unity of Scripture is in Christ" en : „To the mind of the New Testament faith not only all Scripture, but all history, centers in Christ."[105]

Die onderwyser sal die onderliggende sin van al=le Bybelfeite, soos die roeping van Abraham, die worsteling van Jakob, Israel se verlossing uit Egipte, die vernedering van Dawid voor sy troonsbestyging, ens. moet ontdek. Dít is slegs moontlik as hy die simbo=liese en tipiese karakter van die geskiedenis van Is=rael tot sy reg laat kom. Die Bybelse wonderwerke staan byvoorbeeld altyd ten nouste i.v.m. die verlos=singswerk. Soms simboliseer dit die verlossingswerk van Christus, soms is dit die beeld van die komende seëninge in die ewige lewe.

### 14.3.1 Feite het soms simboliese betekenis

Die worsteling van Jakob met die engel toon bv.

105) Bright, J. The kingdom of God, p. 10.

dat die krag van Jakob, wat steeds in eie krag gestry het om seën te ontvang of sukses te behaal, gebreek moes word sodat die krag van God in hom kon woon; hy (en ons) leer daaruit dat geestelike wapens, veral dié van gebed, nodig is om die seën van God te ontvang.

14.3.2 Feite het soms tipologiese betekenis

Die onderwyser moet 'n oop oog hê vir Christus=tipes: persone, plekke, voorwerpe, rites, feite, ens. wat voorafskaduwings van die verlossingswerk van Christus is. Die offer op Moria (die ram in die plek van Isak, die bondsvolk, ons) wys bv. heen na die plaasbekledende sterwe van Christus; Dawid as teokra=tiese koning was 'n duidelike tipe van Christus in sy stryd en oorwinning, vernedering en verhoging, die ko=perslang en die manna in die woestyn, het volgens Chris=tus self (vgl. Joh. 3:15,15; 6:48-51), heengewys na Hom (sy kruisiging en na Hom as die Brood wat uit die he=mel neergedaal het); die hoëpriester met sy offer vir die volk het Jesus afgebeeld as Middelaar.

Die onderwyser moet met die Christustipologie eg=ter baie versigtig omgaan. „In careless hands", sê John Bright, „Old Testament studies tend to degenerate into a game of which the object is to find types of Christ and the prefigurement of Christian truth in un=likely places ...... We are not permitted to attribute to the Bible writers ideas which they did not have in mind, only to discover as best we can what they actu=ally intended to say."[106]

106) Loc. cit.

Hoe ontdek die onderwyser dan die Christustipes?

* Daar moet 'n merkbare, reëele punt van ooreen=koms tussen tipe en anti-tipe wees. Wat ookal die verskille, die eerste moet 'n ware afbeelding wees van lg. t.o.v. 'n besondere saak of trek.

* Die tipe moet aangedui kan word deur Goddelike aanwysing. Aksidentale ooreenkoms tussen die Ou en Nuwe Testamentiese persoon of gebeurtenis is geen be=wys dat die een tipe van die ander is nie. Daar moet Skriftuurlike getuienis wees wat toon dat dit sô deur God bedoel is.

* 'n Tipe beeld altyd iets uit die toekoms af. Die onderwyser moet net onthou dat die tipes terself=dertyd ook simbole was wat bepaalde geestelike waar=hede aan tydgenote gesimboliseer het, want hulle sim=boliese betekenis moet eers verstaan word voordat die tipiese betekenis vasgestel word. Die volgende moet egter, by die aanduiding van tipes, in gedagte gehou word:

* 'n Sondige saak kan nie 'n heilige saak af=beeld nie, bv.: Die bedrieglike velle om Jakob se hande kan nie beeld wees van die kleed van geregtig=heid waarmee Christus sy volk beklee ten einde die seën van God deelagtig te word nie.

* Slegs wanneer vasgestel is watter simboliese betekenis die saak vir die Ou Testamentiese Israel ge=had het, kan daarvandaan na die tipologie gevra word. Die verhoogde slang in die woestyn het Israel gered van die gif van slange en dit wys heen na God se red=

dende genade teenoor sy volk wat in Christus in Per= soon verskyn het. Die feit dat die koperslang van koper was, dus nie duur nie, en daarby hard, wys nie heen na die nederigheid van Christus en sy Goddelike krag nie - hierdie feite het vir die Israeliete geen simboliese betekenis gehad nie.

* Die tipes kan slegs in die lig van die vervul= ling daarvan begryp word. Die tipe bied die waarheid gesluierd aan, die Nuwe Testament verwyder die skadu en bied die waarheid in onverdofde luister aan.

* Sommige tipes vind meer as een vervulling in die Nuwe Testament, bv. een in Christus en die ander in die volk wat organies met Hom verbind is. Voorbeeld: God se verblyf onder Israel was 'n tipe van die inwo= ning onder die mense deur Christus en van sy inwoning in sy kerk. Die twee gedagtes is natuurlik fundamen= teel aan en daarom in lyn met mekaar. Dit beteken natuurlik nie dat die onderwyser maar die betekenisse van tipes vryelik kan vermenigvuldig nie.

* Die onderwyser moet oog hê vir die essensiële verskil tussen tipe en anti-tipe. Die anti-tipe ver= teenwoordig 'n waarheid van hoër graad - daar is opklim= ming van die uiterlike na die innerlike, van die hede na die toekoms, van die aardse na die hemelse.

## 14.4 Die verklaring van historiese stof

Die verklaring van historiese stof het reeds in verskeie verbande ter sprake gekom, sodat hier met die volgende stellings volstaan kan word:

* In die Bybel het ons nie met gewone geskiede= nis te doen nie, maar met openbaringsgeskiedenis, ge= skiedenis onder profetiese beligting.

* Dit is die ontvouing van God se koninkryk deur die eeue, die waarmaking van God se belofte van genade (wat in Christus werklikheid word), beskrywing van die dade van God in die wêreld, die uitvoering van die verbond van God met sy volk.

* Die hele openbaringsgeskiedenis, selfs die geslagsregisters, het Christus as sentrum.

## 14.5 Die verklaring van profetiese stof

Dit is veral in ons tyd noodsaaklik dat profesieë korrek benader word. Profesieë kan gedefinieer word as die proklamasie van dit wat God openbaar.[107] Die profeet ontvang spesiale openbarings van God en dra dit dan oor aan die mense. Dit dien tot verklaring van die verlede, verheldering van die hede en ont-dekking van die toekoms. Dit sentreer altyd om die koninkryk van God en die verlossingswerk deur Christus.

Die onderwyser moet steeds daarop bedug wees om die leerlinge te laat besef dat „profeet" nie „voor= speller" beteken nie, maar „singewer".[108] Die sil= labusse in Godsdiensonderrig vir alle provinsies in Suid-Afrika, toon oor die algemeen weinig aandag vir

107) Berkhof, L., op. cit., p. 149.

108) Knetsch, F.R.J., Het hooglied der standvastigheid. Opdracht, 16(1): pp. 29-32, Sept. 1968.

die profete, veral in die primêre skool. Dit is 'n tekortkoming, want die profete tree steeds singewend en duidend in die heilsgeskiedenis op. Die onderwys sal steeds daarteen moet waak dat godsdiensonderrig 'n „deadly sort of history"[109] word, 'n gevaar wat beslis in die praktyk van die Bybelonderrig dreig.

Hier vereis twee sake besondere oorweging: Die besondere kenmerke van die profesie en die reëls waar=volgens die profesieë verklaar moet word.

14.5.1 Besondere kenmerke van die profesie

* Dit het 'n organiese karakter: Dit is nie blote voorspellings nie; dikwels predik die profeet algemene gedagtes wat gaandeweg gerealiseer word, soos 'n blomknop wat gaandeweg oopgegaan het tot 'n pragti=ge blom.

* Profesieë staan in die nouste verband met die geskiedenis. Profesie kan slegs in sy historiese raam=werk begryp word. Die profete het in die eerste in=stansie 'n boodskap vir hulle tydgenote. „They were watchmen on the walls of Zion to guide the destiny of ancient people of God, and to guard against the dangers of apostacy."[110] Die profete is nie abstrakte per=soonlikhede nie; hulle tree in lewende kontak met hul=le milieu op.

109) Vgl. Berkouwer, G.C., Horisontalisme. Geref Week=blad, 24(12): p. 49, 20 Sept. 1968.

110) Berkhof, L., op. cit., p. 149.

* Profesie het sy eie besondere perspektief: Groot gebeurtenisse word soms in terme van 'n kort ~~tyd~~ tydsbestek uitgedruk. Gebeurtenisse wat ver van me= kaar af lê, word met 'n oogopslag gesien en as 'n een= heid beskrywe: They looked upon the future as ~~die~~ the traveler does upon a mountain range in the distance. He fancies that one mountaintop rises up right behind the other, when in reality they are miles apart."[111] Voor= beelde: Profesie i.v.m. die val van Jerusalem en die eindoordeel; die tweërlei koms van die Messias; ens. Soms kan die profeet die gebeurtenisse nie dateer nie; die stadia van die naderende oordeel onderskei hy by= voorbeeld nie - vir hom is dit een groot werklikheid. Ook Jesus is (bv. in sy profetiese rede) geen Wester= se sistematikus nie. Hy is eerder skilder as foto= graaf, eerder gerig op momentopnames as op 'n omvat= tende tafereel. Hy gee geen chronologiese toekoms= kroniek of historiese toekomsagenda nie.[112] Soms word breedvoerig gehandel oor skynbaar klein gebeur= tenisse en soms word eeue in enkele verse oorspan.[113] Prof. S. du Toit spreek van die „samevattende aard" van die profesie (vgl. 2 Petr. 3:8).

* Profesieë is soms voorwaardelik: Die vervul= ling is dan afhanklik van die kontingente optrede van die mense, bv. Jona se oordeelsaankondiging oor Nineve.

* Hoewel die profete dikwels simbolies spreek,

111) Ibid., p. 150.

112) Du Toit, S., Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, p. 43.

113) Greydanus, S., op. cit., p. 53.

is dit foutief om al hulle uitsprake as simbolies op te vat: Wanneer die profete simbolies spreek, gee die konteks gewoonlik sodanige aanduiding, bv. in Dan. 8 en Openb. 17. Gewoonlik moet die profete letterlik opgeneem word.

* Die profete klee hulle gedagtes in vorme wat afkomstig is van die bedeling waartoe dit behoort. Die leefwyse, taal, kultuur en geskiedenis van die volke verskaf die vorme en „in some important prophe= cies the dispensational form must be stripped off"[114] (Jes. 11:10-16; Joël 3:18-21; Miga 5:5-8; Amos 9:11-12; Hand. 15:15-17; ens.).

* Onder leiding van die Heilige Gees transendeer die profete by geleentheid die historiese en tydbepaal= de beperkings en spreek dan in vorme wat heenwys na 'n meer geestelike bedeling in die toekoms. Dit kom ver= al by die latere profete voor. (Jer. 31:31-34; Mal. 1:11).

* Soms het die profete die Woord van God ge= openbaar deur profetiese aksies, bv. Jesaja wat „nakend" in die strate van Jerusalem geloop het, e.a.

* Die profesie het 'n kaleidoskopiese karakter Die beskrywing spring van een moment en fragment na 'n ander. Dit vorm 'n eenheid slegs vir hom wat die ge= heel oorsien (vgl. die beeld van die skildery).[115]

114) Berkhof, L., op cit., p. 152.

115) Du Toit, S., Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, p. 42.

14.5.2 Verklaring van die profesie

Berkhof gee die volgende reëls ter verklaring van die profesie:[116)]

* Die woorde van die profete moet in hulle gewo= ne letterlike sin opgevat word, behalwe waar die kon= teks of die wyse van vervulling duidelik aandui dat dit 'n simboliese betekenis het.

* In die bestudering van die figuurlike beskry= wings moet die fundamentele gedagte ontdek word. Je= saja gee bv. 'n profetiese beskrywing as hy skilder hoe die wilde en mak diere saamlewe in vrede. Dit is 'n digterlike beskrywing van die vrede van die Messias.

* Simboliese aksies van profete moet as egte gebeurtenisse opgevat word tensy die teendeel bewys kan word. Indien alle simboliese aksies van die pro= fete sommer as gesigte opgevat word, rand dit die dui= delikheid van die Skrif aan.

* Sommige profesieë word in „paaiemente" ver= vul; elke vervulling is dan 'n verdere belofte van wat sal volg. Voorbeeld: Bileam: Israel - Dawid - Christus.

* Profesieë moet gelees word in die lig van hulle vervulling aangesien dit dan dikwels dieptes openbaar wat andersins die aandag sou ontglip het. Sommige verwys bv. nie na spesifieke gebeurtenisse nie maar druk 'n algemene beginsel uit wat in 'n verskei=

116) Berkhof, L., op. cit., pp. 152-154.

denheid van wyses gerealiseer word. Die vorm van die vervulling kan ook dikwels verskil van die vorm van die profesie, aangesien dit in 'n ander bedeling plaas=gevind het.

## 14.6 Verklaring van die Psalms

In verskeie sillabusse vir godsdiensonderrig in die sekondêre sowel as primêre skool kom die behande=ling van Psalms voor. Die onderwyser sal hom dus op hoogte moet stel met die aard van die Psalms en die reëls vir die verklaring daarvan.[117)]

In die didaktiese Psalms gee God lering deur die digter gerig op die verstand, in die liriese Psalms openbaar Hy Hom deur die emosies en geestelike erva=rings van die heilige digters gerig op die hart.

### 14.6.1 Die aard van die Psalms

Hoewel die Psalms baie meer subjektief is as an=der Skrifgedeeltes, is dit onmiskenbaar deel van die Woord van God.

Die Psalms kan slegs begryp word as die leser in gedagte hou dat hulle 'n individuele en historiese, maar ook 'n verteenwoordigende en universele karak=ter dra, wat ver bo die individuele en die historiese uitgaan. Die sanger is individu, maar ook één met

117) Vgl. vir die verklaring van 'n groot verskeiden=heid Psalms: Helberg, J.L. & Van Wyk, J.H., Godsdiens=onderrig vir Standerd 9.

God se kerk, en één met Christus. By sommige is die persoonlike ervaringe van die digter prominent, by an= der die ervarings van Israel; in ander word die ver= nederde en verhoogde Christus gehoor. By die verkla= ring van Psalms moet die onderwyser nie tevrede wees voordat hy daarin die stem van God hoor nie.

### 14.6.2 Reëls vir die vertolking van die Psalms[118)]

* Die historiese aanleiding, indien dit bestaan, verhelder die Psalm (3, 32, 51, 63).

* Aangesien Psalms baie subjektief van aard is, moet die onderwyser in dien moontlik, die karakter van die digter en die geestelike omstandighede waaronder hy verkeer het toe hy die Psalm gedig het, bestudeer.

* Die Psalm is uitinge van die wedergebore hart en openbaar dus die wil van God.

* Sommige Psalms, of gedeeltes daarvan, is di= rek, ander indirek, Messiaans (2, 22, 45, 110, is bv. direk, en andere soos 72, en 89 gaan eerstens om een of ander Ou Testamentiese heilige of die digter self, en deur hom as tipe, in die tweede plek om Christus.

* T.o.v. die sg. vloekpsalms moet die volgende in gedagte gehou word:

Oosterlinge hou van die konkrete en beskrywe sonde dikwels in die konkrete vorm van die sondaar;

118) Vgl. Berkhof, L. op. cit., pp. 155-157.

die vervloekinge beliggaam die behoeftes van die Ou Testamentiese heiliges om die geregtigheid en heiligheid van God te handhaaf;

dit is nie uitinge van persoonlike wraak nie maar van die kerk se afkeer van sonde beliggaam in die sondaar; dit openbaar God se houding teenoor sy vyan= de.

## 14.7 Die verklaring van wonderwerke

Oor die wonderwerke in die Ou Testament is reeds gespreek. Die wonderwerke van Jesus neem 'n belang= rike plek in in die sillabusse van al die provinsies van Suid-Afrika. Dit is dus van besondere belang dat die onderwyser in staat sal wees om in die behandeling van die wonderwerke daarin te slaag om hulle reg te interpreteer en toe te pas.

Soos reeds beklemtoon, bevat die Bybel die goeie nuus aangaande die ryk van God. In die Nuwe Testament het dit „naby" gekom. Dit moet ook deurbreek in ons lewenswerklikheid. Die Bybel verkondig Jesus aan die mense. Dit is die sentrale tema van sy prediking, ook in die wonderwerke. Hier word die goeie nuus aan= gaande die ryk van God wat ons lewe binnedring, ge= bring.[119] Die wonderwerke is nie maar sommer verha= le nie, maar pretendeer ongetwyfeld om 'n berig te gee wat 'n feitelike gebeure omvat, maar 'n gebeure met 'n beslissende betekenis. Vanuit die kader van van die hele boodskap van Jesus gesien, gaan dit hier

119) Lam. A.B., Tekenen van het rijk. Opdracht, 16 (4,5): p. 37, Maart 1969.

nie om mirakelstukke wat die natuurwette wil deurbreek nie. As dit so was, sou dit dieselfde aanspraak as towery maak. Jesus wys egter self op sy wonderwerke as tekens van 'n nuwe tyd, 'n Godsryk wat begin om aan te breek en waarin nie slegs die mens vir sy naaste wil lewe nie (dink aan die bergrede), maar waarin ook die natuurfeite blyk mee te werk tot die geluk en heil van die mens. In hierdie wonderwerke van Jesus blyk die natuur nie meer die vyandige mag van orkane, voed=selskaarste en siekte te wees nie (want onthou die son=deval het ook die vloek van God oor die natuur gebring - Gen. 3:17,18), maar eindelik in die diens van die mens te kom. Só toon Jesus deur sy wonderwerke die diens wat natuur en mens tesame, vanuit Goddelike ini=siatief, daartoe kan lei om die bande van sonde, angs en leed te deurbreek.[120)]

Die wonderwerke is daadwerklike prediking, dit is nie verbale, maar aanskoulike onderwys. As ons die wonderwerke loskoppel van die sentrale tema, as ons die boodskap aangaande die nabygekome Godsryk daarin nie verstaan nie, dan hou ons net 'n mirakel oor. Dan word Jesus die groot towenaar van Nasaret. Behalwe dat die mirakel 'n aardige kunsie is, is dit 'n eenma=lige gebeurtenis, slegs interessant vir die ooggetuie. Maar 'n wonderwerk is 'n stuk prediking, dit het vir ons iets te sê, ook nou en hier, aangaande God en sy ryk. Om die wonderverhaal van sy wonder te beroof, laat 'n niksseggende anekdote i.v.m. Jesus oor. 'n Joodse geleerde het t.o.v. biskop Robinson, wat die

120) Van Peursen, C.A., Hij is het weer! pp. 56, 57.

geloof in „die ou-man-met-die-baard-in-die-lug" wil afsweer, gesê: Hy moet oppas dat hy nie God afsweer en op die ou end met die baard bly sit nie![121]

Drs. Lam teken bv. o.a. die volgende op m.b.t. die opwekking van die dogtertjie van Jairus[122]:

Dit volg op die stilmaak van die storm op see, die uitdryf van duiwels uit 'n besetene, die genesing van 'n siek vrou. Hier is 'n ketting van gebeurtenisse. In die opklimmende reeks is hier die afsluitende bekroning. Dis „de laatste van de reeks overwinningen, waarvan Markus vertelt."

As Jesus die storm, die demone, die siekte en ten slotte die laaste vyand van die menselewe, nl. die dood, oorwin dan beteken dit dat die nuwe tyd in Hom werklik aangebreek het. Hierdie wonderverhale is oorwinningsberigte! Die opwekking die grootste daarvan. Ons dink dikwels dat die dood die laaste woord het. Die huisgenote van Jairus het ook so gedink: „U dogter het gesterwe. Waarom sou u die Meester nog langer lastig val?" Jesus sê slegs: Bly glo! Jesus het die lewenswoorde. Hierdie, en ander, wonderverhale toon ons sy oorwinning oor die magte van die kwaad wat ons lewe met ondergang bedreig. Dit wys heen na die totale oorwinning. Wat nóú met hierdie een mens gebeur het, sal in die tokomende wereld die werklikheid wees vir alle mense. Die ryk van God wat in Jesus begin is, sal straks in volle glorie voltooi word.

121) Lam, A.B., op. cit., pp. 37, 38.
122) Ibid., pp. 38-40.

Dit is ook belangrik dat die onderwyser dit sal raaksien dat die wonderwerke by die Ou Testament aan=sluit, want sommige betwis dit: hulle meen dat die Ou Testament net met uiterlike dinge te doen het en die Nuwe Testament met die innerlike, geestelike dinge. Vgl. bv. Jes. 42-44:23; Jesaja 24:1-3 - Matth. 12: 18-20. In die wonderwerke van Christus gee God weer aanskoulike onderwys aan die blinde en dowe volk wat sy hand in hulle geskiedenis nie wou sien en na sy stem nie wou luister nie.[123)]

Die wonderwerke het tweërlei betekenis: Die pro=feties-geestelike en die toekomstig-letterlike. Wat eersg. betref: Siekte en dood is nie net gevolge nie maar ook beeld van die sonde. Melaatsheid dui ook op „ongeneeslikheid of smet", lamheid ook op geestelike lamheid, blindheid, ook op geestelike bindheid, doof=heid ook op geestelike doofheid. Die wonderwerke pre=dik dus ook 'n geestelike genesing en verlossing.[124)]

Maar die wonderwerke het veral 'n toekomstig-let=terlike betekenis. Om te bly staan by die profeties-geestelike betekenis, is om daarvan gelykenisse en allegorieë te maak. Die eintlike betekenis van die wonderwerke is die toekomstig-letterlike. Dit te=ken die koninkryk van God as verlossing uit die mag van Satan. Die toekomstig-letterlike betekenis teken vir ons die verlossing van die mens na siel en liggaam asook van die hele skepping wat sug en in barensnood

123) Snyman, W.J., Openbaringsgeskiedenis Nuwe Tes=tament, Klasaantekeninge, pp. 41, 42.

124) Vgl. Ibid., p. 42.

is.[125]

Die wonders maak ook skeiding tussen die wat glo en die wat nie glo nie. Die wat glo, sien die won=der as wonder van God. Dus: Nie eers die wonder en dan die geloof nie, maar: eers die geloof en dan word die wonder raak gesien! Om God in die alledaagse le=we te herken, vereis ook geloof. Die leerlinge moet geleer word om te besef: Wondere is nie teennatuurlik nie, dit druis nie teen die natuurwette in nie - dit is juis die herstelling van die natuurlike![126]

## 14.8 Die verklaring van gelykenisse

Die hooftema van die gelykenisse is ook: Die koninkryk van God. In die wonderwerke word van die koninkryk gepreek soos wat dit uitgaan bo die gewone in die gelykenisse soos dit aansluit by die natuurlike en die alledaagse.

Om die gelykenisse reg te verstaan en te vertolk, moet die onderwyser aan die volgende vashou:

* Eers moet die aanleiding tot die vertel van die gelykenis nagespeur word. Dit gee 'n aanduiding van die hoofsaak waaroor dit gaan.

* Die gelykenisse maak ook skeiding: Die gelo=wiges verstaan dit , die ongelowiges nie.

* Die bedoeling van gelykenisse is dat die hoor=

125) Ibid., p. 43.
126) Vgl. Ibid., pp. 43-45.

ders moet vra na die betekenis daarvan. Dit het die dissipels gedoen en so kom die openbaring dan verder. Die skares het dit as kennisgewing aanvaar en voort=gegaan met hulle sorgelose lewe.

* 'n Gelykenis is nie 'n allegorie nie: Lg. eis die toepassing van elke trek in die geestelike; eersg. eis dat slegs die hoofsaak, die groot lyn, toe=gepas word. Die gelykenis van die saaier toon trek=ke van albei.

* Die gelykenisse sluit aan by die prediking dat die koninkryk van die hemel naby is. Johannes die Doper en die apostels kon die verborgenheid van die koninkryk, nl. dat dit aanwesig, maar ook toekom=stig is, nie maklik verstaan nie. Vandaar die gely=kenisse: Dié van die saaier toon dat Christus twee=maal kom, eers om te saai en later om te oes (vgl. ook die onkruid in die akker); vooraf moet eers vergader word, die uitsoek (oordeel) kom later (vgl. die gely=kenis van die visnet); die koninkryk groei sonder menslike toedoen (die selfgroeiende saad) totdat dit die wêreld omvat (mosterdsaad) en die hele lewe deur=dring (suurdeeg); Dit is kosbaar, mens offer alles daarvoor op en daar moet met ingespanne kragte daarna gesoek word (die pêrel en die skat in die akker).

* Om die gelykenisse te verstaan, is kennis van die kultuur-historiese agtergrond 'n groot hulpmid=del: hoe gesaai en geoes is, hoe 'n bruilof gevier is, hoe gebou is, hoe wyn gemaak is, ens.

* Gelykenisse is nie stigtingsprediking nie,

maar stigtelike, dit is: opbouende, prediking. Die ongelowige begryp dit nie. Dit dien dus nie as sen= dingpreke nie.[127)]

15 Die eis van die geloof

Samevattend kan nou m.b.t. die verstaan en vertol= king van die Skrif soos volg gekonkludeer word:

Die Bybel moet nie rasioneel, filologies, alle= gories, meganisties-biblisisties, fundamentalisties, dualisties, eksistensialisties, eksemplaristies, sui= wer histories, filosofies of natuurwetenskaplik ver= klaar word nie, maar geestelik benader word. Die be= sondere karakter van die Bybel spruit voort uit sy openbaringskarakter. Hierdie openbaring vind plaas deur die Gees. Daarom is die Bybel slegs begryplik na 'n volkome onderwerping aan die leiding van die Gees van God. Die Bybelstof moet geestelik beoordeel word. Die natuurlike mens verstaan nie God se Woord nie. „Finitum non capax infiniti" („die eindige kan die oneindige nie vat nie")[128)] en „alles is dwaasheid - zo lang men niet in hart en verstand getroffen is door het vlammende zwaard van Gods Geest"[129)] Ons ge=

127) Vgl. Snyman, W.J., Ibid., pp. 57-65; ook Van Wyk, J.H., Hooftrekke van die Nuwe Testamentiese Godsopen= baring (Klasaantekeninge), pp. 17-19; ook Grosheide, F.W., De openbaring Gods in het nieuwe Testament, pp. 214-222; ook Groenewald E.P. Handboek Bybelse geskie= denis, Nuwe Testament, pp. 223-232; ook Groenewald, E. P., In gelykenisse het Hy hulle geleer.

128) Bergmann, G., op. cit., p. 103.

129) Loc. cit.

dagtes is nie God se gedagtes nie, daarom is wederge= boorte en geloof 'n eis tot verstaan en vertolking van die Skrif. Dit is die Heilige Gees wat die verklaar= der oorskakel op die golflengte van Jesus Christus, die Sendstasie. Die Gees lê die Bybel uit en nie vreem= de prinsipes, soos wat die eksistensialiste en radika= liste wil nie. Van die onderwyser word dus verwag 'n biddende ondersoekende omgang met die Bybel en 'n deur= denking van die gees en getuienis van die Woord van God. Nie Bybelkritiek nie, maar Bybelvertroue: „De onvervalste boodschap van dit Boek heeft aan duizenden martelaren standvastigheid gegeven en de bittere dood voorbij doen zien"[130]. Bybelvertroue gee geborgen= heid aan onderwyser en leerling!

130) Ibid., p. 118.